


Jaargang 2014
ISSN 1018-0710

DOLOS

Afrikaanse Taal en Literatuur UV



[Foto: Stephen Collett]


Prof. H.P. van Coller tree af na 36 UV-jare!



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Inhoud

Redakteursbrief	1
<i>Corlietha Swart</i>	
Ek onthou ... (enkele momente)	3
<i>Corlietha Swart</i>	
"Op berge en in dale": 'n terugblik op 36 jaar by die UV	6
<i>Prof. Hennie van Coller vertel self ...</i>	
Prof. H.P. van Coller, die akademikus in 'n neutedop	11
Prof. Hennie van Coller – die gesinsman ...	
My pa, my A – Z	13
<i>Liezel Dry</i>	
Toets jou kennis	16
Vyf en sestig	17
<i>Dr. Helena van Coller</i>	
Brokkies uit die verlede	18
<i>(Bron: die Van Coller-gesin)</i>	
'n Woord van die dekaan	22
<i>Prof. Lucius Botes (Dekaan: Geesteswetenskappe)</i>	
Saam met Hennie in die taalstryd	22
<i>Prof. Jaap Steyn</i>	
Herinneringe	26
<i>Prof. G.J. van Jaarsveld</i>	
'n Nuwe begin – vir Hennie van Coller	27
<i>Dr. Andries Klopper</i>	
Net 'n paar momente	29
<i>Prof. Dolf van Zuydam</i>	
Sommer baie om voor dankie te sê	31
<i>Prof. Bernard Odendaal</i>	
Hennie van Coller	34
<i>Dr. Anette de Wet</i>	
Prof. Hennie	35
<i>Irma Loock</i>	



dolos

'n Mooi wens vir 'n gelykpad	35
<i>Ida Meiring</i>	
'n Boodskap uit 'n land ver hiervandaan	36
<i>Dr. Anthea van Jaarsveld</i>	
PROMOTIE: HP-port nu ook in Nederland en België	37
<i>Prof. Angelique van Niekerk</i>	
<i>Parce que c'était lui, parce que c'était moi</i>	37
<i>Prof. Naòmi Morgan (Afdelingshoof: Frans)</i>	
Professor Hennie van Coller	39
<i>Isabella Mostert</i>	
Lebe wohl, prof. Hennie!	39
<i>Frau Ingrid Smuts, Afdeling Duits</i>	
Vir prof. Van Coller	42
<i>Dr. Cilliers van der Berg</i>	
Afskeidsbriewe	43
<i>Marelize Pretorius, Chris en Lizette du Preez, Ihette Jacobs, Carla Ellis en Elené Botha</i>	
D.F. Malherbe-Gedenklesing 2014	45
<i>Corlietha Swart</i>	
Nederlandse winterskool 2014 aan die UV	45
<i>Prof. Angelique van Niekerk</i>	
Kopieskryfwerkswinkel 2014	46
<i>Prof. Angelique van Niekerk</i>	
Slypskool vir die Nasionale Poort-skryfwedstryd 2014	47
<i>Dr. Anthea van Jaarsveld</i>	
Bydraes van Poort-skryfwedstryd	48

dolos



Redakteursbrief



DOLOS is die akademiese tydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat. *Dolos 2014* is 'n spesiale Huldigingsdolos opgedra aan prof. Hennie van Collier met sy aftrede na 36 jaar(!) se toegewyde diens aan die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, aanvanklik vir 10 jaar as dosent en die afgelope

26 jaar ook as departementshoof in die spore van voorgangers soos D.F. Malherbe en ander groot figure. Wat 'n merkwaardige prestasie om so lank hierdie prominente pos met soveel onderskeiding, visioenêre leierskap en lewenskrag te kon beklee. Om vir 26 jaar ononderbroke departementshoof te wees, getuig van stamina, goeie beplanning, deursettingsvermoë, goeie sekretaresses en 'n ondersteunende gesin en alombemide en gerespekteerde wederhelf.

Van 2015 af sal prof. Hennie van Collier nie meer sy sleutel in FGG 213 se deur steek nie. Nie meer soggens die roete met sy Merc verby Oliewenhuis, Happy Valley, Westdene en Brandwag Bult toe en smiddae terug Tussenklip toe ry nie. Ook nie meer die wandellane en gange van die Universiteit van die Vrystaat bewandel nie. 'n Era het verbygegaan. 'n Era is afgesluit. Die laaste van die grotes gaan nou rus. Al wat oorbly, is 'n vae bewustheid van die onsienlike verlede en hier en daar die eggo van 'n vergete woord in 'n leë lesingsaal. 'n Departementshooffoto langs ander groot geeste teen die departementele muur. Dolosse wat wemel van onthou-jy-nog's en waar-is-die-dae en die lief en leed preserveer van groepe tydgenote wat weens verander(en)de omstandighede, ouderdom en die dood hul nie meer onbeperk kon koester in mekaar se kollegaskap of dosent-studentverbintenisse nie. Wydverspreide spikkels op 'n land-of wêreldkaart, geskei deur afstand, maar gebind deur herinnering. Wat egter ook oorbly, is die reuse akademiese en persoonlike invloed wat hy op soveel studentelewens gehad het.

Mag hierdie *Dolos* as tasbare herinnering dien aan 'n man wat reuse akademiese spore spesifiek in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, maar ook in die groter Fakulteit Geesteswetenskappe en die Universiteit van die Vrystaat getrap het, ook in die tyd toe "Oranje" nog in die universiteit se naam was. Meer nog, die dampkring van hierdie reuse akademiese Van Collier-voetspoor strek veel verder as die landsgrense heen. Ons skuur dus skouers met 'n lewende legende.



dolos

Mag ons departement prof. Van Coller se visioenêre gebaande weë sedert sy departementhoofskap in 1988 eer en mag ons departement 'n lewende monument bly vir al die mooi tale in ons naam! Ons gun u die rus! (Sterkte, tannie Elsa ...)

In hierdie uitgawe hoor ons stemme uit die departementele hede én verlede van oud- en huidige dosente en studente wat brokkies onthou met die leser, maar spesifiek en baie direk met prof. Hennie en sy merkwaardige wederhelf, mev. Elsa van Coller, op die vooraand van sy aftrede deel. Hierdie publikasie se doel is dus, buiten leesgenot, om die departementele geskiedenis vir die nageslag te preserveer.

Aangesien slegs geakkrediteerde publikasies voortaan deur die UV befonds word, word die *Dolos* sedert 2013 slegs in digitale formaat uitgegee. Danksy 'n grootse gebaar van **prof. Jaap Steyn** deur van sy navorsingsgeld beskikbaar te stel vir 'n beperkte oplaag hardekopie-*Dolos* 2014's is dit vanjaar vir ons moontlik om hierdie *Dolos* in tasbare formaat aan prof. Hennie te oorhandig, asook 'n kopie aan elke bydraer en die huidige departementele lede. Baie dankie vir die gewaardeerde gebaar, prof. Jaap!

Buiten vir die huldigingsgedeelte, gee *Dolos* 2014 uiteraard dan ook weer terugvoer oor bedrywighede waarmee studente en dosente hul besig hou op plaaslike, maar ook op nasionale en selfs internasionale vlak. Gewoonlik vind die groot verskeidenheid aktiwiteite buite die formele doseerlading van dosente en klasaktiwiteite van studente plaas.


Lekker lees!

Corlietha Swart

Redakteur: *Dolos* 2014



dolos





Ek onthou ... (enkele momente)


Corlietha Swart

Ek onthou 'n dag in 1992, die jaar na ek as akademiese assistent aangestel is toe ek my pa verloor het en prof. Hennie wat sê dat hy so 'n bietjie soos 'n vaderfiguur vir my voel, dat ek enige tyd na hom toe kan kom met probleme ... **EN DAT EK MOET LUISTER** as hy praat ... In die afgelope 22 jaar sedert daardie jaar móés ek twee maal luister toe hy, natuurlik sonder om my te konsulteer, by sy eie huisdokter doktersafsprake namens my via sy sekretaresse gemaak het, omdat ek die departement uit hul geloof gehoes het weens longontsteking – my enigste twee (vriendelik verpligte) doktersbesoeke aan 'n algemene praktisyn in 22 jaar ... (ek het hom vanjaar dieselfde “vadersfiguurrol” sien inneem toe 'n akademiese assistent haar ouer verloor het ...) Dís prof. Hennie ...

Ek onthou die Van Collers wat my vra om hul kinders op te pas met twee oorsese besoeke. Ek trek die kampuskoshuiskamerdeur agter my toe vir die komende week en klok in by die Van Coller-huishouding. As enigste kind het ek nie boeties of sussies gehad om op te oefen nie. Ek is heimlik baie benoud dat die kinders net Pa se rustelose gene geërf het, want ek het al by Voortrekkerkampe gehoor van 'n Van Collertjie wat in die ry by 'n bewegende bus se kantvenster uitseil en op 'n dakrak tussen tasse haar tuismaak, maar ek maak dit af as 'n blote Voortrekkerlegende ... Ek ontmoet die drie dierbaarste en wyduiteenlopendste dogters denkbaar met, dank Vader, 'n goeie skoot van Ma se rustige gene ook ... Oor die jare heen het hulle voor my oë grootgeword ... Waar vlieg die tyd heen!

Ek onthou een Vrydag lááááank gelede al die manlike dosente, ook die praktieses, soos prof. Alf Jenkinson, om 'n klein (onskuldige) elektroniese reiswekkertjie met Chinese instruksiepapiertjie geskaar in prof. Hennie se kantoor. Toe die opdrag aan sy sekretaresse: “Sanette (Smit), roep bietjie daar vir Corlietha, ek wil hierdie wekker môre saamvat kongres toe en ons kry nie sy tyd of wekker ingestel nie.” Ek stap tussen manlike akademiese ringkoppe deur, tel die wekkertjie op en stel hom klik-klik-klik intuïtief in, want ek glo nie aan Chinese instruksiepapiertjies en prentjies nie, draai om en loop woordeloos uit. Nog nooit was daar so 'n dawerende stilte onder die manlike wyses nie, prof. Hennie inkluis ...

Ek onthou met verwondering so 'n paar jaar gelede toe ek, prof. Hennie (van Coller) en prof. Jaap Steyn al drie saam oor verskillende aspekte van landmeter G.R. von Wielligh se taalkundige en literêre nalatenskap



dolos

'n lesingreeks tydens 'n Neerlandistiekkongres gelewer het. Wat 'n onvergeetlike voorreg om saam met sulke gerespekteerde akademiese swaargewigte in dieselfde skrum te druk!




Ek onthou 'n man verjaar en sestig word tydens 'n letterkundekongres by Maselspoort en so "opgetrek" is met die rooi T-hemp met die uitdagende woorde, "Wie's jou Oom?" wat ek vir hom as geskenk gee, dat hy dit net daar op die Maselspoortstoep tydens teetyd met sy netjiese kongreshemp vervang en die res van die kongres uitdagend, soos 'n seer duim uitstaan ... Op 65 WhatsApp hy vanjaar in 2014 vir my, tydens sy besoek aan Kaapstad, 'n foto van hom in dieselfde hemp ... Die arme Kaapse juffers ... Wonder of ek ook weer 'n soortgelyke WhatsApp kan verwag op 70, 80 en 90?



Prof. Hennie van Coller word 60 in 2009!

Ek onthou toe Liezel, die oudste Van Coller-dogter met ds. Sarel Dry trou en ek gevra word om hul orrelis te wees. Ek moes gou *Trumpet Voluntary* se bladmusiek kry, want Liezel-hulle wou op dieselfde musiek trou as waarop Pa en Ma getroud is. Ek onthou die proeflopie die dag voor die huwelik toe ek onder orrelspel in die orrelspieëltjie met ongeloof sien hoe prof. Hennie, sy ongeduldige self, met reuse sekretarisvoëltree binne 15 sekondes tot voor die preekstoel drafstap met die bruid, wat met haar denkbeeldige trourok, moet spoed om by te bly. 'n Kwaai preek van die orrelgalery af tussen orrelis en vader-van-die-bruid volg en 'n verduideliking dat hul eers grasieus voor die preekstoel tot stilstand

dolos



moet kom as die laaste note van *Trumpet Voluntary* wegsterf, sodat die bruid tyd kan hê om haar trourok "af te show" ... Troudag breek aan en ek sien met groot genoegdoening en baie binnepret in die orrelspieël hoe 'n gepynigde vader-van-die-bruid trots, maar soos 'n harmansdrup, 'n hele minuut-en-'n-half stap aan die sestig treë preekstoel toe langs sy stralende oudste dogter. PROF. HENNIE HET GELUISTER!


Ek onthou tannie Elsa van Coller as die geduldige en gelykmatige huweliksmaat aan prof. Hennie se sy – een van die mense op hierdie ondermaanse vir wie ek die grootste respek het. 'n Toergids van die Sand du Plessisteater se kunsskatte. 'n Vrou wat 'n lucky packet-geskenkpakkie se inhoud individueel met soveel sorg kan toedraai en interessant maak,



soos min! 'n Stylvolle en elegante vrou wat voorwaar 'n Honoris Crux verdien as prof. Hennie soms in sy ongeduldige-begaafdheidsbui ingaan (wat nogal gereeld gebeur) ... Dan bring sy kalmte deur rustig lappieswerk te doen. Wie sal ooit die jaarlikse departementele afsluitingsgeskenkies van tannie Elsa vergeet waar elke dosent, assistent en gade (en vroeër was ons 'n reuse departement) elkeen keurige handgemaakte (lappie) geskenke gekry het! Elke steek en kraletjie met liefde en sorg gestik. Mense wat nooit vergeet om op hul oorsese omswerwing vir elke dosent en assistent in die breër departement 'n cadeautjie van die land, waar hul was, saam te bring nie. Met enige besoek aan die Van Coller-huishouding word jy ook altyd met die grootste gasvryheid en tydsaamheid ontvang, asof die inwoners die wêreld se tyd in pag het, al is jy heel bewus van hul uiters besige skedule. Gasvrye mense tot in die been. Mense wat siekes besoek en verjaarsdae onthou en omgee ...

Hoe prof. Hennie al die balle in sy besige lewe so oënskynlik moeiteloos in die lug hou en nooit uitermate besig lyk nie, weet ek nie. Dis 'n gawe wat hy gerus kan patenteer ... Maar nou is dit tyd vir aftrede. Vir rustiger word saam met sy wederhelf. Dis nie meer nodig om soggens, wanneer die res van Bloemfontein nog slaap, hemde te was en te stryk nie ('n interessante selfopgelegde ritueel waarvan ek weet). Die werkswedloop is met onderskeiding voltooi.

My wens aan prof. Hennie en mev. Elsa van Coller: mag die aftrede RUSTIG wees. Met prof. Hennie in die huis, is dit maar net 'n versugting, so het die geskiedenis geleer, maar jul verdien 'n rustiger tempo waarin



dolos

die kalenderblaadjies minder gejaagd en gedrewe, vreedsaam, soos die seisoenwisseling, natuurlikerwys hul loop neem en die ure van droom geleidelik meer word met die ouderdom tot en met die Ewige Droom ... Ons sal julle mis!



“Op berge en in dale”: ’n terugblik op 36 jaar by die UV

Prof. Hennie van Coller vertel self ...

Hoe vat ’n mens ’n tydperk van 36 jaar saam? Al was die opdrag “hoogtepunte”?

Dit was ’n warm, droë Oktobermiddag toe die vliegtuig uit die grasgroen Natal neerstryk by die destydse J.B.M. Hertzog Lughawe. Uit die lug was alles bruin, byna so bruin soos my enigste pak klere én my hare dié dag. Ek was toe reeds byna drie jaar lektor in Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg).



By die onderhoud was die uittredende departementshoof, prof. Gerhard Beukes (destyds kon jy nog by wees by die benoeming van ’n opvolger!); die uittredende dekaan, prof. Herman Strauss; die vise-rektor, prof. W.J. Richards; die aangewese departementshoof, prof. Carl van Heerden en twee kollegas uit die departement: prof. Jan Senekal en dr. Charles Malan. Almal al saliger.

Na die vriendelike onderhoud is ek dadelik in kennis gestel dat ek die suksesvolle kandidaat was en die kollegas het my sommer terstond ingelig oor my pligte – ’n ware hutspot, want die filet het die seniors te beurt geval. Goed so, dink ek steeds, juniors moet hul spore verdien.

Ek onthou die aankoms in Bloemfontein en die eerste nag op ’n harde vloer terwyl die trek op pad was, kollegas wat kom groet en uitnooi en ’n hitte wat ons nie in Pietermaritzburg geken het nie. Met die bevordering na senior lektor kon ons darem eenkeer ’n week T-bene bekostig en ’n Chateau Libertas op die koop toe.

Destyds is alle nuwe personeel aan die begin van die nuwe jaar onthaal deur die Rektor en aan die einde van dieselfde jaar was daar ’n feestelike afsluiting met ’n vleisbraai deur die Personeelvereniging. Daar het ek vriendskappe gesluit wat steeds duur. In 1979 was die derdejaarstudente in die omgewing van 150 en in ’n stadium vroeg in die tagtigerjare was daar vyf hoogleraars in die departement.

Die rektoraat was ’n gedugte span met die vermaarde kernfisikus, Wynand Mouton, aan die stuur om besluite te neem en Willem Richards om dié



dolos





besluite filosofies te verantwoord. Vir my het hy oor jare 'n pa-figuur geword: 'n diep menslike, diep gelowige en briljante mens. Ouwêrelds hoflik. Wynand Mouton was 'n puik rektor wat 'n navorsingskultuur probeer skep het by die UV.


Dit was opwindende tye, omdat die Universiteit van die Oranje-Vrystaat uit 'n akademiese winterslaap ontwaak het en navorsing skielik dié trefwoord was. Navorsingsprofessore (soos Jaap Steyn) en navorsingsassistente is aangestel, projekte befonds en daar het 'n bevrugterende samewerking ontstaan tussen kollegas. Die dinamiese Charles Malan en belese Jan Senekal het my betrek by publikasies. Waar taal- en letterkunde eers onafhanklike (en selfs vyandige) entiteite was, het hulle begin saamwerk en met Christo van Rensburg as mede-outeur het ek van my beste artikels geskrywe en saam met Jarries van Jaarsveld selfs 'n boek. Later is hierdie samewerking voortgesit met ander taalkundiges soos Jaap Steyn (saam met wie ek 'n aantal artikels geskryf het) en Angelique van Niekerk. Ek en Alf Jenkinson het oor jare 'n hegte vriendskapsverhouding gehad en ons het vir jare Metodologie vir honneursstudente saam aangebied.




Soos ek gementor is deur seniors, het ek later probeer om die rol van mentor te vervul wat jonger kollegas betref. Só het ek talle artikels gepubliseer saam met letterkundiges Bernard Odendaal, Anthea van Jaarsveld, Victor Teise en Cilliers van den Berg wat almal nou hul eie navorsingspaadjie gemaklik stap. Maar dit het my ook geleer dat samewerking nooit eenrigtingverkeer is nie en bevrugterend inwerk op alle deelnemers: by al my mede-outeurs het ek ook geleer.



Met my persoonlike lewe het alles voor die wind gegaan. Ek kon altyd reken op 'n lojale, ondernemende eggenote saam met wie ek sakke vol sout vreugdevol verorber het. Drie dogters het verdere vreugde gebring én nuwe ervarings: van skoolkonsertere, Voortrekkerkampe, buitelugskole, musiekuitvoerings en sportbyeenkomste. Ons het na 'n droomplek verhuis, kon reis na verre lande en vriende maak. Van hulle was ook kollegas en van hulle (soos Leo Barnard en Willie van der Merwe) is ook nie meer met ons nie.



In 1983 (op 34-jarige leeftyd) het ek professor geword, in 1988 departementshoof en in 1997 het die aanstelling as uitstaande professor gevolg. Alles hoogtepunte in my akademiese loopbaan. Wat die laasgenoemde betref was die dekaan, prof. Andries Snyman, die vise-rektor, prof. Chris Smal en die destydse rektor, prof. Stef Coetzee sleutelfigure. Dit het gebeur



dolos

net nadat ek die aanbod van RAU om daar hoogleraar te word in die plek van my promotor, F.I.J. van Rensburg, van die hand gewys het. Erkenning was daar in my loopbaan genoeg: die Elisabeth Eybersbeurs en Gustav Prellerprys vir letterkundige kritiek en literatuurwetenskap (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns); die Eufeesmedalje en navorsingstoekenning van die UV en die wonderlike verjaarsdagfees op my 65ste verjaarsdag, 'n geleentheid waartydens Anthea van Jaarsveld en Ida Meiring my besonder spesiaal laat voel het (soos trouens al die verjaarsdae en geskenke oor jare ook).

Ek dink met groot dankbaarheid terug aan dekane wat my altyd ondersteun het: Johan Moll, Andries Snyman, Danie Strauss, Gerhard de Klerk en Lucius Botes. Ook aan van die rektore, kollegas én studente wat my altyd sal bybly. Van my doktorsgraadstudente is 'n hele paar vandag senior akademici: Daniel Hugo, Riana Barnard, Susan Smith (Fort Hare), Chrisna Beuke-Muir (Namibië), Nico Luwes, Anthea van Jaarsveld, Cilliers van den Berg, Burgert Senekal, Victor Teise (almal UV). Maar ek onthou ook baie studente wat in voorgraadse klassse 'n onuitwisbare indruk gemaak het. En dalk moet ek sê, die ringkoppe, soos Derek Nel, Hennie Marais, Vicky Mostert, Klaus von Delft en Hannes Joubert wat altyd eenkant om 'n tafel gesit en teedrink het, was 'n stil inspirasie. Dalk kan jy ook eendag ... En as jonger kollegas jou vandag aanspreek as "Prof. Hennie" dan voel ek, dalk hét ek.

Ek is spesifiek gevra om te fokus op "hoogtepunte" in my akademiese loopbaan. Dit impliseer nou ten ene maal die opnoem van dinge wat onbeskeie mag lyk. Buitelandse besoeke was vir my met my jeukende voete beslis 'n hoogtepunt. Veral die talle navorsingsbesoeke aan Utrecht, die drie keer as gasprofessor by Leuven en een keer by Groningen en 'n horde kongresse in al die wêrelddele. In Suid-Afrika kon ek gaslesings aanbied by talle universiteite, soos veral vir langer tye by die destydse RAU en Fort Hare. Orals kon Elsa gelukkig saam. Ek was gelukkig om as spreker te kon optree by die J.J. le Roux-, D.F. Malherbe-, D.J. Opperman- en N.P. van Wyk Louw-gedenklesings. Veral laasgenoemde met my promotor, F.I.J. van Rensburg in die gehoor, was spesiaal. Dit was 'n voorreg om buitelandse gaste te kon onthaal soos ritse skrywers en akademici. Veral prof. Marcel Janssens uit Leuven en prof. D.W. Fokkema (my studieleier in Utrecht) en sy gade, prof. Elrud Ibsch staan vir my uit saam met Luuk Gruwez, my digter-vriend uit Hasselt wie se werk ek ook vertaal het.

Binnelandse besoekers is te veel om op te noem, maar party name skiet my tog te binne, veral die skrywers W.A. de Klerk, Uys Krige, Etienne Leroux, Ernst van Heerden, P.G. du Plessis, Breyten Breytenbach, Antjie Krog, Alexander Strachan, André P. Brink en Steve Hofmeyr. Ek is

dolos



steeds dankbaar dat die destydse rektor, prof. Wynand Mouton en die registrateur prof. Dawfre Roode my gesteun het in die aankoop van die Etienne le Roux-boekery net na sy dood. Ek en 'n paar kollegas, o.a. my destydse navorsingsassistent, Anthea van Jaarsveld, het self die boeke gaan inpak volgens Le Roux se eiesoortige indeling. Hierdie unieke versameling is tans gehuisves in die Johannes Brill-gebou en huisves nou ook die André P. Brink-, Pieter Fourie-, Ingrid Winterbach- en Jaco Jacobs-versamelings. Ek was vir vier jaar voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die eeufeesviering in 2009 in Bloemfontein was onvergeetlik.

Wat navorsing betref was ek bevoorreg (party sou sê verdoem) om verskeie groot navorsingsprojekte te kon bestuur. Die een oor Grensliteratuur het akademici uit verskeie dissiplines betrek. Hierdie projek en dié oor Brink en Leroux het nie net gelei tot dagseminare nie, maar ook verskeie publikasies. Van die beduidendste is seker die driedelige uitgawe van *Perspektief en profiel*. 'n *Literatuurgeskiedenis* wat in 1998, 1999 en 2006 verskyn het en in 2015 in 'n totale nuwe, hersiene en uitgebreide uitgawe die lig sal sien. Navorsing van 'n ander aard was die kreatiewe bydraes wat ek op uitnodiging kon lewer: 'n reeks gedigte vir "Kreatiewe Creature" by Aardklop en gedigte wat saam met skilderye van Pauline Gutter by die destydse *Volksblad* Kunstefees uitgestal is. Spesiaal was die uitvoering van my wynsiklus (getoonset deur die bekende Hendrik Hofmeyr) deur Hanli Stapela by die Woordwerk Kunstefees in Pretoria.

Daar is 'n paar ander dinge wat ek kon vermag (waarvan sommige groot verontwaardiging veroorsaak het) waarop ek nogal trots is. Pas na my aankoms uit Natal het ek begin kla oor die totale wanorde by eksamens, omdat almal deurmekaar gesit het en het ek gepleit vir die Natal- (of Witssisteem) wat later werklikheid geword het.

Na ons besoek aan Leuven in 1985/1986 het ek 'n verslag ingedien waarin gevra is vir die gradering van Geesteswetenskaplikes, die instelling van persoonlike navorsingsentiteite, die instelling van 'n Titelregistrasiekomitee (én Komitee vir Hoër Grade) en het daarin ook verwys na Leuven se gradeplegtigheid waar akademici in gelid deur die stad stap en doktorsgrade veel meer prominensie kry. Al hierdie voorstelle van my het later werklikheid geword, soos ook die voorgestelde uitwisselingsakkoord tussen die UV en Leuven, parallelmediumonderrig aan die UV én die instelling van navorsingsgenote. Die instelling van die kursus Afrikaans (vir niemoedertaalsprekers van Afrikaans) is 'n ander inisiatief waarop ek trots is asook die feit dat die Taalbeleid (opgestel deur veral L.T. du Plessis) beslag kon kry toe ek voorsitter van die UV-Talekomitee was.



dolos

Maar dit is 'n dwaling om te dink dat 'n mens ooit iets alleen kon vermag. Al die genoemde groepe en persone het 'n enorme bydrae gelewer. Maar ook (en dalk veral) hulle wat dikwels oor die hoof gesien word: die onsigbares en naamloses wat jou verlof bereken en goedkeur, uitbetalings magtig, oplossings bedink vir administratiewe probleme en jou oor jare welwillend gehelp het. Akademiese assistente wat vraestelle finaliseer, punte inskryf en bereken, fotostate maak en proefleeswerk onderneem. Maar ook hulle wat toilette skoonmaak, asblikke leegmaak, vloere poets en 'n omgewing skep waarop 'n mens trots kan wees en waarin jy kan gedy.

Ons departement het oor jare knap assistente én tiksters gehad: Lizette du Preez hou steeds uit, maar ek onthou álmal met waardering, maar niemand kon Tertia Haupt se wegstap ewenaar nie. Ek was waarlik gelukkig met puik navorsingsassistente deur die jare, van wie party (Irma Loock, Anthea van Jaarsveld, Corlietha Swart, Cillers van den Berg en Burgert Senekal) vandag gewaardeerde kollegas is en ander, soos Elené Botha, dit seker eendag sal word. Maar ek was ook geseënd met sekretaresses: Carien Jacobs, Sanette Smith en Ida Meiring, waarvan die laaste twee elkeen byna 12 jaar saam met my gewerk het. Een en almal effektief en verdraagsaam; lojaal tot en met. Iemand vra my onlangs wat ek die meeste sal mis na aftrede. Waarop ek antwoord, eerder "wie". En dit is sonder twyfel my sekretaresse, Ida. Dis soos om jou regterhand te verloor.

'n Loopbaan word nooit net gekenmerk deur hoogtepunte nie; laagtepunte was daar ook. Ek dink onwillekeurig aan die afsterwe van personeel se dierbares, maar ook aan kollegas soos Jan Senekal en Alf Jenkinson; laasgenoemde na sy aftrede steeds doenig in die departement. Erg was ook wanneer kollegas (soos Louis van Eeden en Camphie Zaayman) weens gesondheidsprobleme die diens van die UV moes verlaat, maar niks was erger as die proses van rasionalisasie nie. Gewaardeerde kollegas soos Louis Venter en Adolf van Zuydam moes hoor dat hulle vervroegde aftrede op 60 sou moes oorweeg; ander in die fakulteit is selfs op 'n jonger ouderdom weg. Van hulle moes gaan werk as kelners of onderwys gaan gee. Dit skok jou geloof in die akademie as 'n veilige hawe vir ewig.

Weens rasionalisasie is departemente saamgevoeg en moes Duits (waar daar in 'n stadium twee vol-professore was) en Frans ingeskakel word by Afrikaans en Nederlands. Dit was moeilik vir die betrokke kollegas om hul onafhanklikheid in te boet, maar dit het ook winste gehad. Nie net kon ons bekwame kollegas beter leer ken nie; beter navorsingsamewerking het gevolg. Projekte soos die Brell-liedere (van Naomi Morgan en Bernard

dolos



Odendaal) is hieruit gebore en Cilliers van den Berg het sy tweede doktorsgraad onder my leiding voltooi. Van hulle studente (soos Isabel Mostert) het ook 'n magister in kreatiewe skryfwerk in Afrikaans en Nederlands voltooi.

Ook 'n ander laagtepunt het, terugskouend, 'n groot bydrae gelewer tot van die hoogtepunte in my lewe. Nadat ek vir jare gedien het in die navorsingskomitee en die fakulteitskomitee (wat destyds 'n verkose komitee was) en agerende én sekondusdekaan was, het ek my verkiesbaar gestel as dekaan. Ek het die verkiesing met twee stemme verloor. Daarna het Stellenbosch gevolg en ná 'n onderhoud was ek ook daar onsuksesvol. Dit was moeilike prosesse waarin venynigheid en afguns merke gelaat het en onsekerheid oor die toekoms mens gery het. Die ondersteuning van kollegas (soos 'n brief van Bernard en 'n bos geel tulpe van Anthea) het baie beteken. Steeds het ek my les nie geleer nie en aansoek gedoen vir die dekaanskap in Potchefstroom. Toe ek hoor dat ek daar 'n goeie kans staan, het ek onttrek omdat die besef uiteindelik tot my deurgedring het dat akademiese bestuur op daardie vlak nie net tydwend is nie, maar my eie navorsing in die gedrang sal bring.

Met 'n nuwe perspektief en nuwe energie het ek begin werk en binne 'n paar jaar 'n bundel opstelle, *Tussenstand*, gepubliseer waarna my debuutdigbundel, *Soom*, gevolg het. In 2012 volg die akademiese hoogtepunt van my lewe met die verwerwing van die presitigeuse EURIAS-navorsingstoekenning en kon ek en Elsa 'n jaar in Brussel gaan bly waar ek navorsing gedoen het met die oog op die publikasie van 'n Nederlandse literatuurgeskiedenis. Hierdie projek vorder goed en die twee dele behoort teen eind 2015 persgereed te wees.

As Paulus hom oor die akademie – eerder as die liefde - sou moes uitlaat, sou hy waarskynlik gesê het daar is drie belangrike dinge nodig vir akademiese sukses: kennis, intellektuele insig en entoesiasme, maar die grootste hiervan is harde werk. En genade: overdiend en onbeperk.

Prof. H.P. van Coller, die akademikus in 'n neutedop

Prof. Hendrik Petrus van Coller is op 24 Maart 1949 in Pretoria gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Florida, waar hy hoofseun was en behaal die BA (Regte) en Honneurs in Afrikaans en Nederlands (met lof) aan die Universiteit van die Witwatersrand, die D. Litt et Phil. (RAU) en die Drs Litt in Algemene Literatuurwetenskap en Nederlandse Letterkunde aan die Rijksuniversiteit van Utrecht. Hy doseer aan die Durbanse én Pietermaritzburgse takke van die Universiteit van Natal en word in 1979 aangestel as senior lektor in die departement Afrikaans en Nederlands,



dolos

UV waar hy in 1984 professor word, in 1988 departementshoof en in 1997 bevorder word tot uitstaande professor. Prof. Van Coller is tans hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans. Hy was by verskeie geleenthede gasprofessor aan die Katholieke Universiteit van Leuven en het ook as gasprofessor by verskeie ander buitelandse Universiteite opgetree, o.a. vir 'n maand aan die Rijksuniversiteit van Groningen.

Buite universiteitsverband dien hy vir agt jaar in die Raad van die Afrikaanse Taalmuseum en –monument, was vir twee termyne voorsitter van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV), lid van die RGN se spesialiskomitee, hoofbestuurslid van die Afrikaanse Skrywerskring, en Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek en paneellid van die National Arts Council. Hy is ook lid van verskeie internasionale verenigings, soos die International Comparative Literature Association, die African Literature Association en die Maatskappij der Nederlandse Letteren. Tans is hy voorsitter van die Letterkundekommissie, sowel as lid van die Finansiële Komitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, hoofbestuurslid van die ALV en bestuurslid van die Noordelike Kennisnetwerk vir Neerlandistiek. In 2005 is hy verkies as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy termyn het in Junie 2009 tot 'n einde gekom, maar hy dien steeds in die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Prof. Van Coller is ook betrokke by die redaksies van verskeie geakkrediteerde tydskrifte: hy was onder meer redakteur van *Stilet* en hy is redaksielid van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.

Prof. Van Coller is die outeur van meer as 100 artikels in geakkrediteerde tydskrifte, 40 hoofstukke in boeke, talle populêre publikasies en resensies en is die outeur, mede-outeur of redakteur van meer as 20 boeke, o.a. die driedelige literatuurgeskiedenis *Perspektief en Profiel*. Sedert 2003 skryf hy 'n rubriek in *Volksblad* en sedert 2007 lewer hy gereeld bydraes vir *BY*. Hy het meer as 40 lesings gelewer by nasionale en meer as 20 by internasionale vakkongresse. Hy is een van die outeurs van die Cambridge History of South African Literature en het 'n bydrae gelewer in die Universiteit van Berlyn se publikasie oor die vertaling van Shakespeare se sonette. In 2010 was Van Coller ook (op uitnodiging) een van die sessie-aanbieders by die Internasionale Vereniging vir Germanistiek se kongres in Warschau, Pole. Benewens beurse soos die Seba Cuyler-beurs, Staatsdiensbeurs en NZAV-stipendium word die RGN/NRF-beurs vir gevestigde navorsers by drie geleenthede aan hom toegeken. In 2000 word hy deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon met die Gustav Prellerprys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek. Dit is opgevolg met die toekenning van die Elisabeth Eybersbeurs deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns in 2002. In 2004 ontvang hy

dolos



beide 'n Eeufeesmedalje en 'n navorsingsmedalje van die Universiteit van die Vrystaat en in 2010 ontvang hy 'n toekenning vir uitnemendheid in navorsing, ook van die Universiteit van die Vrystaat. In 2012 ontvang hy die Eurias-beurs vir navorsing oorsee.

Binne universiteitsverband was prof. Van Coller vir baie jare lid van Fakulteitskomitees, sekondus-dekaan én agerende dekaan. Hy dien steeds op die UV se komitee vir eregrade en is reeds vir meer as 'n dekade lid van die Uitvoerende Komitee van die Senaat van die UV.

Prof. Van Coller se stokperdjies en belangstellings sluit wynproe, wynmaak en – veroudering, kosmaak en skryf in. Hy is getroud met Elsa van der Straaten en is die vader van drie dogters en grootvader van twee seuns en 'n dogter.

Prof. Hennie van Coller – die mens ...

My pa, my A – Z

Liesel Dry (24 Maart 2014)

A

A staan vir **Appel**. Kleintyd se Karel **Appel** afdruk in ons blou badkamer. Ook my pa se koekblik vol **albasters** en sy **Adidas** grassny-tekkies. **Afrikaans** is in ons bloed, dis die taal van ons hart. Behalwe 'n liefde vir hierdie hartstaal het my pa ons vroeg geleer van pad se meervoud en dat 'n mens skool hou en klas gee.

B

My pa hou van **beeldhouwerk** en braai en het onlangs in **Brussel** gaan draai. Maar **B** staan eintlik bankvas agter die woord **Boeke!** Dit is 'n gemeenskaplike stokperdjie en iets wat selfs bo-aan die kleinkinders se verjaardag- en Kersfeeslysies pryk.

C

My pa en sy **Cats**, dis nou nie die soort wat sy neus laat kriewel nie, het die voorreg gehad om die wêreld te sien. **C** laat my ook dink aan my ouma se **Cadbury**-sjokolade en **Chivas Regal** of soos dit met veroudering bekendstaan – **Coke Zero**.

D

My pa is 'n **denker**, **digter** en skrywer van **Die Dokumente**. Hy het **Drop** in sy laai, Hopjes in sy **Delsi**-tas en 'n baie ou speelgoeddonkie op sy kas. As jy hom op die regte dag beetkry, kan jy hom omkoop met 'n **dubbeldik** sjokolade-melkskommel.



dolos

E

E staan vir **Elsa** kwadraat, elk met 'n baie spesiale plek in my pa se hart.

F

Ons eerste hond, 'n staffie, se naam was **Fonske**. My pa **fliet** graag en van **Florida** kan hy jou 'n ding of twee vertel.

G

My pa maak **Geskiedenis** (en sommer die **Goeie môre** rubrieke ook) lewendig, hy is 'n bobaas-storieverteller. Hy hou van **goeie** wyn en selfs nog meer van sy blou **Gotcha**-braaibaadjie. **Gawe** plekke, soos die volgende, laat my dink aan hom, of tye saam: **Groblersdal**, **Greylingstad**, **Grahamstad**, **Gent**, **Groningen** en die **Groot Begijnhof**.

H

My pa is 'n **heuningeter** wat hou van 'n **houtvuur**. Hulle noem hom: **Hennie Pen**, **Hennie**, **Prof. Hennie**, **Hendrik**, **Pa Hennie ... Oupa Hennie** ... genade op genade.

I

I laat my dink aan **Isaija** vir wie hy soveel doen, selfs gaan staan in Botchabelo.

J

65 **jaar** oud. My pa werk steeds aan **Job** se geduld en poog om een of twee nuwe stokperdjies by te leer, daarom besoek hy die wingerdstokke naby **Jacobsdal** en oefen saam met **Jeroen Meus** aan fynproewersdisse.

K

K laat my die prentjie sien van die **kewer** waarmee hulle Europa plat getoer het. My pa **ken** van lekker **koffie**, **kosmaak** en **kuiers** in die **kombuis**, maar ook dit wat my hart ontstuiwig laat **klop**, soos nou onlangs met **Kosie Khumalo**. Hy ken koning van **Katoren** se storie en **kan** ou **Koning van Klou** se spoor sny, tot op Naval Hill.

L

L is vir **Liz** en **Liesel** en sekerlik **Le Roux**. Dit laat my verlang na die **Lae Lande**, soos **Leuven** en natuurlik **Luikse** wafels. My pa het reuse **luidprekers** wat hy self gebou het en hou van **literatuur**, **lees**, sy **Levi-jeans**, **leerbaadjies** en **Lip Ice**.

dolos



M

M staan vir **maak** 'n versie: In **Milnerweg** was daar 'n **man**,
wat was tog nou weer sy van?
'n **Mercedes** wou hy ry,
met **Marilyn** wou hy vry,
hierdie **man** is een wat kan.

N

My pa hou van **neute** en **nuwe** tegnologie, hy is dalk nie op Twitter nie,
maar Skype hom gerus.

O

My **onafhanklike** pa het 'n **ongelooflike** geheue. Hy het kleintyd klei-
osse gemaak en later tyd verwyd op sy **Olivetti** M10. Hy **oefen** getrou,
hou van swem in **Onrus** se see en **olywe** natuurlik. My Kersvader ruik ook
sekere tye na **Old Spice**.

P

My **pa** is 'n fynproewer en kook alte lekker: van **pizza** en **pasta** tot
pampoen en **paella**. Hy het 'n jaar of twee in **Pietermaritzburg** gebly
en dra gereeld 'n Hollandse Vissers**pet** as hy braai. In die woorde van Stef
Bos: **Pappa ik hou steeds meer van jou**.

Q

Dis sekerlik bietjie van 'n Engelse letter, ek glo ons kan hom maar verbyhou.

R

My pa sal tuis wees in 'n **regsbank**, hy is **reguit**, hou van **reg** wees en
kan **redeneer** soos min. Hy hou van **rugby**. Enige **Rolex** laat my aan hom
dink. Wanneer ek **raad** nodig het, is hy my nommer een keuse.

S

S sê baie van my pa. Hy hou van **skilderye**, **swem**, **skryf** en my ma se
spaghetti. Hy het genoeg **sokkies** en **sakdoeke** om hom 'n rukkie
te hou. My pa weet hoe om druiwe te **snoei**, vloere te **skuur** en hout
speelgoedkiste vir sy kinders te maak. Hy het lekker gelag vir **SOS Piet**
en sy hart uitgestort in **Soom**. Hy het 'n **spesiale skoenpolitoerblik** in sy
kas; ek wil steeds nie my eie **skoene skoonmaak** nie, want hy het dit jare
lank vir my gedoen. My pa is die **slimste** mens wat ek ken.



dolos

T

T laat my dink aan **Tussenkoms**, **Tussenklip**, **tennis** en pa se baie oranje **tent** waarin ons so lekker gekamp het. My eerste boek wat ek gelees het, was pa se **Trompie** die Krieketspeler.

U

U is **Utrecht** en die tye daar. Ons klink ook 'n glasie op pa se **uil** wat sekerlik eersdaags sy intrek gaan neem in Deanelaan.

V

Vlieë beproef my pa se geduld. Hy lees die **Volksblad** en woon die **Vryfees** by. My pa eet ontbyt met 'n **voorskoot** en het aandeel by die motorhandelaar, **Vyfster**. Hy geniet **vertaalwerk** en 'n mens kan hom **vertrou** met dit wat jy van hom **vra**. Hy is sy dogter se **vadertjie** langbeen.

W

Wiske was die naam van ons tweede staffie. My pa hou van **Wilson**-toffies en het vir jare sy ou **WITS**-universiteitstop gedra.

X

My pa weet alles. Welliswaar meer van die WAT as 'n BMX of 'n BMW.

Y

Anders as my ma, hou my pa van **ys**.

Z

Die plasie op **Zeerust** was ons nooit beskore nie. **Zastron** was die tuisdorp van pa se eerste skoonseun. Ons bid saam vir die volgende twee.

Toets jou kennis ...

Raai wie in die Departement Afrikaans en Nederlands. Duits en Frans, UV:

1. ... hou daarvan om ou flieks te kyk?
2. ... lees speur- of moordverhale vir ontspanning?
3. ... versamel wyn?
4. ... eet ontbyt met 'n voorskoot aan?
5. ... hou baie van Italiaanse kosse?
6. ... het gewiggestoot op skool?
7. ... gril nie vir 'n padda nie, maar dink dis 'n mooi dier ?
8. ... hou van tamatiekonfyt en 'n Cabernet franc wyn ?
9. ... het viool gespeel op skool. (Alhoewel die persoon se pa partykeer bereid was om betaling aan te bied as die ge oefenry net kan stop)?
10. ... se dogters en veral die kleindogter kan hom om hul pinkies draai?

dolos



Antwoorde ...

Nr. 1 – 10 het net een antwoord: Prof. Hennie van Coller

Bron: (Mev. Elsa en Karien van Coller praat uit die huis ...)

Vyf en sestig

Daar is 'n proffie van Bloem
Prof Hennie word hy genoem
Hy word binnekort jarig
die hare al bietjie karig
Op die grysheid kan hy roem!

Skrywer, literator en kritikus
'n Ekspert is hy gewis
Met woorde toor
bo gaatjies boor
'n Geswore akademikus!

65 jare oppie klok
Daaroor sal ons nie jok
Pars graag druiwe
en hou van olywe
Ook in die kombuis 'n kranige kok!

Kom klink 'n glasië op my Pa
Vir niks beter kan ek vra
Maak 'n happie
en drink 'n 'sappie'
Oor die ouderdom kan ons nie kla!

Hennie van Coller
xx.



dolos

Brokkies uit die verlede ...

(Bron : die Van Coller-gesin)

Op 2-jarige ouderdom op pad terug van Engeland sukkel hy vreeslik met asma-aanvalle. Sy ouers maak beurte om hom op te pas. Sy pa gee op sy beurt vir hom 'n bos sleutels van al hul bagasie om hom besig te hou. Soos hy pragtig geleer het by die tjaar wat hom opgepas het gooi hy die sleutels: "One, two, tree!!!!" Binne-in die see.

Tydens nog 'n besoek aan die dokter in Engeland gooi hy uit protes die dokter met sy beertjie.

Ons is baie verlig dat hy al reeds vir baie jare 'n bestuurslisensie het en nie enige noemenswaardige ongelukke gemaak het nie.

Die begin van bestuursvernuf het egter nie so glad verloop nie. Hy het reeds vroeg in sy lewe met sy fietsie binne-in die rivier ingery en ook sy pa se motor gestamp deur die handrem los te maak.



dolos



Hennie van Coller het reeds op 5 jarige ouderdom gewys dat hy vir groot dinge bestem is. Hy laat die entrepreneur na vore kom deur geld in te samel terwyl hy sy dansdebuut maak. Hy tree as danser voor die Griek se kafee op met Jan (of soos hy gesing het: "Stamp") Pierrewiet.



Sy dansery het verder uitgebrei en hy het ontpop as 'n kranige danser. Ook daar was hy reeds 'n baanbreker om by die Volkspole 'n "rock and roll-flair" op die doodgewone tiekiedraai te sit. Hy het die meisies sommer van hul voete afgetel en hulle in die rondte geswaai.

Hy is ook 'n man wat goed is om dinge met sy hande te doen. Hy het op 4-jarige ouderdom probeer om 'n kuiken te brei, maar nie besef dat om die naalde binne-in die bol wol te druk en dit rond te draai nie regtig is hoe 'n mens brei nie.

In 1966 was Hennie van Coller, sy pa, Hendrik, suster Christine en vrou, Elsa almal saam in dieselfde skool, Hoërskool Florida. As hoofseun, skoolhoof, onderwyseres en matriekleerder.



dolos

Kamp en kampeer was en is steeds 'n groot deel van sy lewe.



Hy het 'n baie dapper stap geneem om na een jaar by Stellenbosch oor te skuif na die vyande: Wits. Sy ma was kwaai bekommerd oor al die Joodse meisietjies wat sy aandag sou aftrek en het hom die raad gegee om te gaan draf as hy voel hy sukkel met konsentrasie. Waarop hy droogweg geantwoord het dat hy dan net sal draf en nooit KLAS sal draf nie.

Elsa van der Straaten het egter sy hart gesteel ...



Drie dogters is uit die huwelik gebore: Liezel, Helena en Karien. Hier trou die oudste dogter, Liezel, met ds. Sarel Dry.




dolos





Oupa se kleinkinders ... Hendrik (8), Elsa (6) en Hannes (10) Dry.



"Hennie", geborg deur Coca Cola.



Met een van sy groot liefdes.



In sy kantoor.



Besig om te werk



dolos



'n Woord van die dekaan

***Prof. Lucius Botes (Dekaan:
Geesteswetenskappe, UV)***

Hiermee wil ek graag vir prof. Hennie van Coller dankie sê vir al die jare se akademiese diens en werk in die Department Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans. Hy is nie net 'n uitstaande akademikus nie, maar het 'n groot passie vir tale en spesifiek Afrikaans en Nederlands waarmee hy baie van sy kollegas geïnspireer het oor die jare.

Prof. van Coller is een van die mees produktiewe navorsers aan die Fakulteit Geesteswetenskappe. Hy het nie net 'n C1-evaluering van die NNS nie, maar lewer konstant 'n baie goeie navorsingsuitset. So publiseer hy 16 geakkrediteerde artikels, 3 boeke en 9 hoofstukke in boeke die afgelope vyf jaar. Dit is benewens die meer as 40 nasionale en internasionale openbare redes wat hy lewer.

My beste wense vergesel hom op sy pad vorentoe. Ek hoop en vertrou dat hy nog as 'n navorsingsgenoot by die Departement betrokke gaan bly.

Lucius Botes

Dekaan: Geesteswetenskappe

Saam met Hennie in die taalstryd

Prof. Jaap Steyn

Oor Hennie van Coller as digter, letterkundige, essayis en vertaler wil ek nie hier skryf nie. Ook nie oor hom as wynkenner of wêreldreisiger nie. Maar hy is ook 'n gedugte taalaktivis, en daaroor kan ek wel iets sê, al is dit maar net oor 'n deel van sy werk in dié opsig.

Hy en ek (of liever: "ek en hy", soos 'n mens dit in goeie onbeskeie Afrikaans moet stel) het saam 'n hele paar bydraes tot die taalstryd gelewer, onder meer met enkele referate wat later gepubliseer is.

Die beste daarvan is waarskynlik ons D.F. Malherbe-gedenklesing van 2005: *Taal en taalaktiwisme* in 'n tyd van transformasie. Dit was Hennie se plan dat ons drie



dolos



tydperke van transformasie moet vergelyk en in elkeen van dié tydvakke 'n skrywer moet identifiseer wat ook 'n belangrike rol in die taalaktiwisme van sy tyd gespeel het.

Die drie tydperke was die tyd van verengelsing ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), die apartheids tyd ná die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 en ten slotte die “nuwe Suid-Afrika” wat in 1994 begin het. Uiteraard was D.F. Malherbe die eerste taalstryder en skrywer vir ons lesing. Die tweede is Jan Rabie, wat weens sy liefde vir Afrikaans aktivis teen apartheid was. Oor die vraag wie die derde was, het die gehoor in spanning sit en wag, terwyl Hennie die voordrag op sy kenmerkend boeiende wyse gelewer het.

Pieter Kapp, wat toevallig hier was (hy was besig met navorsing vir sy boek oor die geskiedenis van die Akademie), het ná die tyd gesê hy het die hele tyd sit en wonder wie die hedendaagse strydende skrywer kon wees. Tot baie hoorders se verrassing was dit Dan Roodt. Hy was wel teen apartheid, maar is veral bekend vir sy kritiek op die nuwe *establishment*.

In daardie jaar (2005) was die hedendaagse taalaktiwisme al 'n goeie vyftien jaar aan die gang. Dit het in koerante en op kongresse begin kort ná F.W. de Klerk se historiese aankondiging op 2 Februarie 1990 dat Nelson Mandela vrygelaat en verbode organisasies soos die ANC ontban gaan word.

Die maande en jare daarna is gekenmerk deur 'n verskeidenheid stemmings en emosies – wat voorspelbaar is in enige samelewing. Een stemming was 'n naïewe euforie oor die toekoms, en 'n ander was 'n houding van oorgee en prysgee. Dit merk 'n mens duidelik as jy *Die Afrikaners* van Hermann Giliomee en *Draer van 'n droom* van Pieter Kapp lees.

Party lede van die Akademieraad en die taalkommissie het geoordeel dat die Akademie weens apartheid nie meer die normering van Afrikaans kon onderneem nie. 'n Hele paar taalkundiges het uit die taalkommissie en/of die Akademie bedank. Een raadslid het voorgestel dat die Akademie 'n openbare belydenis van skuld moet aflê en sy foute van die verlede moet bekén.

Dit is in dieselfde tyd dat party skrywers en letterkundiges soos André P. Brink en Fanie Olivier, asook ander akademici, hulle uitgespreek het teen die strewe van sommige Afrikaners om Afrikaans as een van die amptelike tale te probeer behou.

Hennie het gemeen dat ons twee 'n lesing moet hou voor die 1990-kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging by Umhlanga



dolos

Rocks. Hy sou dit voordra. Maar hy het 'n kongres in die ou Joego-Slawië bygewoon, en met die terugkom was daar in Tel Aviv 'n probleem met die vliegtuig sodat hy nie die lesing kon hou nie. Noodgedwonge moes ek dus praat. Op 7 Augustus het ek, Victor Webb en 'n letterkundige, Tom Gouws, die een en ander kwytygeraak – ek as enigste apologet vir Afrikaans se amptelike status.



Maar ná die tyd het 'n hele paar hul instemming met ons standpunt ten gunste van offisiële status betuig soos (in dié volgorde) Dorothea van Zyl, Chris en Biebie van der Merwe, Rouston Gilfillan, Joan Hambidge, Johann Lodewyk Marais, Henning Pieterse, Johan Smuts, Henning Snyman, Johan Anker van Wellington en Bets Bosman van die Natalse Onderwyskollege. Ek was bly, want dit het voor die tyd gelyk asof net 'n onbeduidende minderheid Afrikaans se status wou behou. Hennie was van mening dat ons lesing 'n belangrike bydrae gelewer het om sommige letterkundiges van mening te laat verander.

Nietemin het 'n komitee van die ALV 'n verwaterde voorstel daaroor aangeneem. Chris van der Merwe was lid, en het op my aanbeveling gesê ons moet so hoog moontlik mik, en vir amptelike erkenning pleit. Maar Gert Jooste van Vista, Port Elizabeth, het gesê nee, dit sal die swartes en bruines teen ons in die harnas jaag. Hy het dus net "bepaalde amptelike funksies" gevra. (Jooste het waarskynlik reg geoordeel oor die reaksie van ander groepe.)

Ons Bloemfonteiners was nie die enigste verdedigers van Afrikaans se amptelike status nie. Ander openlike yweraars was Hennie Aucamp, Elize Botha, Harri Müller (al drie reeds oorlede), Lina Spies, Frans van Rensburg, en Hermann Giliomee. Maar ek meen tog dat ons as

dolos



departement heelwat sterker standpunt vir Afrikaans se status ingeneem het as die ander Afrikaans-departemente.

Die aanvaarding van elf landwyse amptelike tale was vir ons 'n groot teleurstelling. Ons het saamgestem met Breyten Breytenbach, wat aan Johann Botha van *Die Burger* gesê het die besluit is skelm; uit die mengelmoes gaan net een taal uitkom, naamlik Engels. Baie ander het dieselfde gedink.

Die elf tale-besluit oor was skaars geneem, of die private sektor het die voortou geneem om van Engels die enigste taal te maak. Toyota het besluit om sy handleidings net in Engels uit te gee. Toyota was destyds 'n firma wat, soos *Beeld* dit gestel het, sy wortels in die Afrikanerdom gehad het. Verskeie Afrikaners het in die direksie gedien. Een van die wat teen die Toyota se besluit geprotesteer het, was Hennie. Die proteste het tydelik gehelp, want die besluit is herroep. Maar in die jare daarna het Engels stil-stil die enigste taal vir motors se handleidings geword.


In die jare na 1994 kon ons aanskou hoe die ANC Afrikaans op alle terreine benadeel. Nie alle Afrikaanssprekendes was dit eens met ons taalstryders se proteste en kritiek nie. Daar was heelwat teenstand teen 'n "bosberaad" van 'n groep taalyweraars in 2000.

By die "bosberaad" is die Groep van 63 gestig, genoem na die getal wat by die stigtingsvergadering teenwoordig was. Onder hulle was bekende skrywers, joernaliste en filosowe. Ook Hennie en ek was onder die klomp. Ons het selfs 'n lesing gehou en onder meer gewys op hoe stief RSG soms Afrikaans in sy nuusprogramme hanteer.

Daarmee het ons op die tone getrap van Chris Louw, uitvoerende regisseur van RSG en die nuusprogramme *Monitor* en *Spektrum*. Hy was een van die helde van die beraad ná sy ope brief in *Beeld* onder die titel "Boetman is die bliksem in".

Die ope brief is 'n bitter aanval op die ou *establishment*. "Die elite van die Ou Bedeling het oor hul eendepote geval om vrede te maak en alliansies te vorm met die elite van die Nuwe Bedeling. Hulle kuier oor en weer en bespreek hoë versoenende begrippe soos staatsbevestigende strategieë, 'n nuwe patriotisme, toewyding aan 'n nuwe orde."

Ná my en Hennie se lesing het Louw opgestaan en afgemete gesê: "Boetman is die bliksem in". En hy het toe verduidelik hy is die bliksem in vir ons twee oor ons ongeregverdigde kritiek. Dit het daarop neergekom dat RSG soms noodgedwonge kommentaar van ander SABC-radiostasies moet oorneem. Dit was kommentaar wat reeds beskikbaar was; dit is onmoontlik om sulke kommentators douvoordag op te bel om hul opmerkings in Afrikaans te herhaal.



dolos

Maar dit alles hoort tot die verlede. Die Groep van 63 het net 'n paar jaar voortbestaan. Chris Louw het sy eie lewe geneem uit wanhoop oor die marginalisering van die Afrikaners en Afrikaans in die "Nuwe Suid-Afrika". Die ANC-bewind gaan voort met sy optrede teen Afrikaanse instellings, maar gelukkig neem taalgetrouheid en taalaktiwisme stadig maar seker toe.

Herinneringe

Prof. G.J. van Jaarsveld

Hennie, as ek aan jou dink, dan onthou ek die wonderlike dae toe ons as 'n klompie jong, onervare kollegas met drome in ons oë en hoë ideale in ons harte gekyk het na (vir ons) die GROOT GEESTE, o.a. proff., Gerhard Beukes, Carl van Heerden en Piet Nienaber in ons onmiddellike omgewing. Natuurlik was daar ander ook. En as daar een van ons is wat die ideale en drome skitterend bereik het, was dit jy. Na 'n leeftyd in die akademie, kan jy met trots en dankbaarheid terugkyk op 'n briljante akademiese loopbaan, met baie hoogtes en toekennings en pryse. Wel gedaan!



Maar as ek verder aan jou dink, dan sien ek die onwrikbare akademikus. Iemand wat gekies het dit wat hy die graagste wou doen. En ek dink dis baie geseënd om dit waarvoor jy die liefste is, vir soveel jare te doen. 'n Akademikus in murg en been. En dan in die Afrikaanse Letterkunde waar jy diep spore getrap het.

Maar ek sien jou ook as die groot middelaar tussen Afrikaans en Nederlands (ook Vlaams). Ek onthou jou kontak met Nederland het baie vroeg in jou akademiese loopbaan begin en ek weet jy het dié kontak

dolos



nie net vertroetel nie, maar ook uitgebou ook tot in lande soos Pole, en ek glo elders ook. Hierdie internasionale kontak het nie net die jonger kollegas gebaat nie, maar die hele Departement en ook die Universiteit.

En dan, altyd die kampvegter vir Afrikaans. Altyd die beplanner. Altyd aan die voerpunt van die verbete geveg.

Maar seker die meeste van alles, onthou ek ons vriendskap deur die jare. Altyd wanneer ek en jy, Elsa en Martie bymekaar was, die hartlikheid, die geneentheid, die opregte belangstelling. Dit onthou 'n mens altyd.

Nou, aan die einde van 'n tydperk, breek 'n nuwe aan. Dis 'n wonderlike tyd om rustiger na die dinge om jou te kyk, verwyderd van die vraatsugtige akademie.

Geniet dit. Jy en Elsa verdien dit!

Groete

Jarries

'n Nuwe begin – vir Hennie van Coller

Dr. Andries Klopper

Life is a fragment, a moment between two eternities

Influenced by all that has preceded

And to influence all that follows

The only way to illuminate it is by extent of view

William Channing

Aftrede beteken 'n nuwe begin – 'n tyd in 'n mens se lewe om die verlede opnuut te omhels en die toekoms met dinamiese energie aan te durf.

'n Asemrowende sonsondergang of sonsopkoms kan op 'n bepaalde moment ons vir 'n oomblik sprakeloos laat, laat verstar. Die absolute prag van die skouspel mag ons verblind, ons kompulsiewe geselserige gees tot stilte dwing in so 'n mate dat ons verstandelik verplaas word na 'n ruimte anders as die hier en nou. En in hierdie verliggende oomblik wil dit voorkom of daar 'n deur geopen word na 'n ander wêreld, 'n ander realiteit, altyd teenwoordig, maar selde waargeneem.

Bogenoemde kan bestempel word as 'n hoogtepunt in jou daaglikse bestaan. Hierdie hoogtepunte verteenwoordig die hoë momente in die lewe waar ons sielsgelukkig of vreugdevol ons bevind. Ons sien dit as hoogtepunte. Ons word weggevoer verby die grense van die doodgewone of die alledaagse sleurbestaan. Vir slegs 'n vlietende oomblik of enkele moment in tyd kom ons in aanraking met ons ware self.



dolos

Dan kom die versugting. Kan dit waar wees? En hoe kan dit permanent wees?

Eckhart. Tolle, die skrywer van *The Power of Now* skryf die volgende hieroor: " Our drifting awareness, our tendency to take the path of least resistance by being less than fully awake to the present moment, creates a void. And the time-bound mind , which has been designed to be a useful servant, compensates by proclaiming itself master. Like a butterfly flittering from one flower to another, the mind engages past experiences or, projecting its own made-for-television movie, anticipates what is to come. Seldom do we find ourselves resting in the oceanic depth of the here-and-now. For it is here – in the now – where we find the true self."

Aftrede – die begin van 'n nuwe fase – is nie alleen 'n moment in tyd nie, maar 'n geleentheid vir 'n verskuiwing van grense en 'n vars, nuwe begin op die lewenspad. Dit is tyd vol belofte, geleenthede en nuwe besluite. En jy is hier om deel te hê aan die blootlê van die goddelike doel van die skepping.

Die lewe vind plaas in 'n opwaartse spiraal. Op dieselfde wyse as 'n ondersoek na die skadu's van die verlede, word ons in staat gestel om deur 'n geringe blik in die dowwe kurwes van die toekoms in 'n beter oordeel te vel. Soos in elke nuwe fase het elkeen ook die geleentheid om jou eie hoogtepunte te ontgin en te geniet. Hierdie nuwe tydvak soos met elke ander tye – is 'n unieke tyd – as ons weet hoe om dit te benut. Waldo Ralph Emerson se woorde is net so waar as voorheen – 'die toekoms is dit wat onself daarvan maak.'


Tyd kan gesien word as 'n perfekte sirkel. Volledig. Net soos daar geen begin of geen einde aan 'n sirkel is nie verlaat ons die een tydfase en gaan oor na 'n ander.

Fokus op slegs een moment. 'n Nuwe begin vereis intellek en kreatiwiteit om elke nuwe moment betekenisvol en doelgerig te ontsluit. Om vir die moment te lewe sal meer laat ontwaak as die rare insig of flinkering van inspirasie. Leer om elke uitdaging te benader in die gees van 'n nuwe avontuur.

Die onderbewuste is 'n bron van krag en inspirasie. Dit skep 'n voortdurende vloei van idees wat suksesvol geïntegreer kan word en wat ons in staat stel om oneindig gefassineer te word deur nuwe kanale van denke en ervaring sodat elke moment in gulde geleenthede omskep kan word.

Ten slotte – Oud-Ambassadeur Adlai Stevenson (VSA) – sê tereg: "It is not the years in a life that counts, it is life in the years".

dolos



Hennie – ervaar die vreugde in elke moment van die aftrede en ons bedede vir jou en Elsa is net dat julle harte daaglik die dou van klein vreugdetjies sal opvang om daardeur verfris te word.



Ou lang wyne (Ekskuus – Auld Lang Syne)

Akademiese gespreksgenote: van links na regs: Prof. Lucca (Neerlandikus – Univ. van Rome – Italië), dr. Andries Klopper, (UV), prof. Jac van der Elst (PU v CHO), prof. Hennie van Coller, (UV), en prof. Adolf van Zuydam (UV). En ingesluit: die wysheid uit die kanne ...

Net 'n paar momente

Prof. Dolf van Zuydam

Na meer as veertig jaar se vriendskap is daar so baie herinneringe. Die heel vroegste was kort na jou aanstelling as dosent aan die Universiteit van Natal in Durban. Jy het 'n departementele lesing by die Pietermaritzburgkampus gelewer oor Van Wyk Louw en ons was baie beïndruk.

Daarna soveel dinge wat ons gedeel het ... die aand met prof. Gawie Nienaber se afskeid net voor jul vertrek na Nederland ... ons verhuising vanaf België na Nederland ... ek en Cecilia met ons drie seuns daag vroeggaand op by julle in Utrecht ... julle woonplek is 'n studentewoonstel, maar met 'n afskorting of twee, word dit 'n "huis" met 'n "gastekamer" en "woonvertrek". Daar en dan word gereël dat ons daar moet oornag... Cecilia, Lawrence en Schalk saam met julle in die woonstel, en ek en



dolos

Jacques in die kombi op die parkeerterrein. Aandete was Elsa se (heerlike) spesialiteit: aartappels, rookwors, appelmoes en slaai. Die wyse waarop julle julle skamele middele met ons gedeel het, was vir ons 'n duidelike teken dat julle werklik vir ons omgee.

In Nederland was daar talle uitstappies: 'n naweek in die Ardenne toe 'n kwaai Vlaamse vrou ons aangespreek het oor ons "alte wilde kinderen" en Elsa die vrou summier op haar plek gesit het ... die besoek aan die Heksewaag te Oudewater waar ons geweeg is en sertifikate ontvang het dat ons nie hekse is nie ... die manne-aand in Amsterdam saam met Fanie Olivier en Johan Lubbe, eers Walletjesstraat en later drink ons 'n drankie erens in 'n "topless"-kroeg. Darem nie tot die "ure van die donker dors" nie.

Met ons terugkeer na Suid-Afrika was Liezel reeds gebore en julle as "gesin" gevestig in Pietermaritzburg. Dit was goeie jare waartydens veral die jonger kollegas hegte bande gesmee het. 'n Paar jaar later verhuis julle na Bloemfontein en teen die tyd toe ook ons daar opdaag, was julle reeds gevestig in die groot "villa" teen die koppie waar Deanelaan doodloop. Veral die someraande op die groot stoep vanwaar Bloemfontein voor jou uitstrek, is onvergeetlik ... Elsa steeds die uitmuntende gasvrou en Hennie die meesterbraaier.

Van ons talle wedervaringe wil ek tog een uitsonder, enersyds omdat dit vir my, en ek vermoed ook vir jou, 'n baie groot eer was om 'n paar dae saam met Stephen le Roux en sy vrou Elizabeth deur te bring, en andersyds die spanningsvolle einde van hul besoek. Die geleentheid was die toekenning van 'n eredoktoraat aan Stephanus le Roux (Etienne Leroux) deur die Universiteit van Natal. Die dag na die plegtighede moes ons Stephen en sy vrou lughawe toe neem. Prof. Stoffel Nienaber se opdrag was dat ons hulle eers moes neem vir middagete in Durban. Die groot gesels en heerlike geregte het veroorsaak dat ons nie tred gehou het met die tyd nie. Skielik het ons besef dat ons dalk te laat by die lughawe sou aankom. Desondanks was jy vasberade om ons betyds daar te kry. Terwyl ons teen 'n verbysterende spoed op die ou snelweg jaag, haal ek my "volledige" stel Leroux -romans uit en vra Stephen vir sy handtekening. Ongeag die dolle vaart, teken hy ewe rustig die een boek na die ander. Die jaagtog was tevergeefs en die Le Rouxs verpas hul vlug. Denkende aan die stiptelike prof. Nienaber, raak jy en ek vreesbevange. Wat staan ons nou te doen? Die Le Rouxs sê egter ons moet ontspan en rustig terugry. Hulle sal wel 'n plan maak om 'n latere vlug te haal. Hulle stel net een voorwaarde – ons mag niks vir Nienaber sê nie ... hy hoef nie te weet nie. Met die skrale troos ry ons verslae terug. Die volgende oggend sluip ons by ons kantore in. Gelukkig bel Stephen later die dag om te sê dat hulle 'n verruklike aand in Durban deurgebring het en

dolos



veilig tuis is. Denkende aan die feit dat hulle eintlik op die afgeleë plaas "Ja-Nee" gebly het, was dit waarskynlik 'n tweede wittebroodsnag. Ek kan my voorstel dat hierdie wedervaring bygedra het tot die groot vriendskap tussen die Van Collers en Le Rouxs, veral ook omdat jy oor baie jare toegewyde navorsing oor Stephen se werk gedoen het.

Oor jou groot akademiese prestasies wil ek maar net sê, baie geluk. En les bes, neem dit effe rustiger vorentoe.

Sommer baie om voor dankie te sê

Prof. Bernard Odendaal, Direkteur: ATKV-Skryfskool van die NWU, Potchefstroomkampus sedert 2012

Ek en Hennie van Coller het doer, in die vroeë negentien-tagtigs, ontmoet as mede-Rapportryerskorpslede – hy as voorsitter, en ek die sekretaris. Ek wonder of vandag se studente nog van iets soos Rapportryerskorpse weet?

Met hom as departementshoof, en deur sy klaarblyklike bemiddeling, het ek in 1990 as dosent by Afrikaans en Nederlands op Kopsies begin werk. Bekyk 'n mens die personeelfoto van daardie jaar, kan jy nie help om die kop te skud nie. Sovél kollegas nog in die departement – en kyk hoe jonk was ons!



Personeel Afrikaans en Nederlands, UOVS, 1990.

Vir my was daardie jaar van aankondigings van transformasie van die ou Suid-Afrika, een van bruisende energie en toekomsverwagting. Hennie het byvoorbeeld aan my die uitdaging gestel om 'n honneursmodule oor poësiekritiek aan te bied – aan twaalf studente, 'n honneursklasgrootte



dolos

waaroor Afrikaansdepartemente aan Suid-Afrikaanse universiteite tans meestal maar net kan droom.

Die jaar daarna het hy versoek dat ek as voorgdosent moes optree van die departementele studentebld, *DOLOS*. Die kennis en ervaring wat ek in die poësiekritiek-module opgedoen het, kon ek vanaf 1992 inspan om resensies te begin skryf; eers vir *DOLOS*, maar daardie selfde jaar ook vir *Volksblad*. Weer het Hennie 'n bemiddelingsrol hierin gespeel. *Volksblad* het hom naamlik juis daardie jaar versoek om vir 'n tydperk op te tree as hulle boekeredakteur.

Toevallig het die eerste twee boeke wat ek so vir die openbare media geskryf het, albei oor kreatiewe skryfwerk gehandel: Breyten Breytenbach se *Hart-lam. 'n Leerboek*, en Hennie Aucamp se *Windperd: Opstelle oor kreatiewe skryfwerk*. Ook dié keer het die toeval die kol getref, want kort tevore het Hennie my juis gevra om 'n (nie-geakkrediteerde, buite-kurrikulêre) poësiewerkswinkel namens die departement te begelei – iets wat ongelukkig in 1998 ten einde moes loop, maar waar ek die groei van later gepubliseerde skrywers en digters soos Jaco Jacobs, Wilna Meyer, Gisela Ulliyatt en Pieter Verster kon meemaak.

Weer had ek die voorreg van 'n praktiese leerskool, wat my baie gebaat toe ek later 'n eie digbundel en heelparty liedtekste geskryf (of vertaal) het.



dolos



My eerste wetenskaplike referaat het ek in 1992 gelewer. Dit was by 'n dagseminaar op die Kopsiekampus waartydens sowel die taal- as die letterkundiges van ons departement koppe bymekaar gesit het oor die onderwerp "Taal, letterkunde en norme". Die leiding en aanmoediging wat op hierdie wyse na 'n beginnervorsers soos ek uitgegaan het, het my gehelp om dieselfde jaar ook nog 'n referaat tydens my eerste nasionale kongres (van die Afrikaanse Letterkundevereniging) te lewer.

Ons span Kopsies by dié kongres het op 'n wynplaas buite Stellenbosch tuisgegaan. Hennie onthou seker hoe lekker ons moes lag vir wyle kollega André Viviers wat een aand laat op daardie plaas, probeer om 'n padda, wat die kombuis van ons *chalet* binnegekom het, met 'n "Kom, kikkertjie – spring, spring," weer na buite aan te moedig!

Dit was in 1993 dat ek die titel van my proefskrif, *Retoriese strategieë in die poësie van T.T. Cloete*, geregistreer het – onder Hennie se studieleiding.



Ek noem al hierdie "aanvange" in my eie akademiese en skrywersloopbaan, want sodoende belig ek hopelik die belangrike bemiddelende rol wat Hennie van Coller daarin gespeel het. Ander jonger kollegas en oud-studente van hom kan sekerlik van dieselfde getuig.



Luuk Gruwez en kollegas, Julie 2009.



dolos

Hy is 'n formidabele navorser. Nie verniet is hy byvoorbeeld deur die Universiteit van die Vrystaat vereer met sowel 'n uitstaande professoraat as 'n navorsings- én Eeufeesmedalje, of is die Gustav Prellerprys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek deur die SA Akademie vir Wetenskap en kuns aan hom toegeken nie. Sy huidige statuur binne die Afrikaanse letterkundewêreld blyk klinkend uit die feit dat hy tans optree as redakteur van sowel die Afrikaans literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel* as 'n komende Afrikaanstalige geskiedenis oor die Nederlandse en Vlaamse letterkunde. Talle beurse het hom in staat gestel om lang navorsingsbesoeke oorsee te bring. Daarby is hy kortverhaal- en rubriekskrywer, 'n digter en 'n gedigvertaler. 'n Literêre *allrounder*, as ek al een gesien het.

Ek was bevoorreg om meer as 'n dosyn literatuurwetenskaplike artikels saam met hom te skryf; om twee termyne saam met hom aan die stuur van sake te staan by die Afrikaanse Letterkundevereniging; en om tien jaar lank die redaksie van die vaktydskrif *Stilet* saam met hom waar te neem; om sy aan sy met hom kreatiewe skryfwerk as studie-opsie op MA-vlak aan die UV te vestig.



Gelukwense aan NTU-beurswenner Jerzy Koch, Utrecht 2009.

Lekkerder nog was die kere wat ons saam kon reis na kongresse en werksinkels, hier te lande én oorsee. Al daardie bieligbiere van Vlaandere en Pole wat ons byvoorbeeld saam kon beproef, en die wyne

dolos



waaraan hy, met sy byna feilloose palet, my kon bekendstel! Vriende wat ons saam-saam kon leer ken, waaronder Jerzy Kock uit Pole en Luuk Gruwez uit Vlaandere.

Daar is sommer baie waarvoor ek hom dankbaar is. En soos ek hom ken, is aftrede allermens ophou vir hom; eerder 'n weerbegin. Ek sien saam met hom uit na wat kom.



Hennie van Coller

Dr. Anette de Wet

Ons soek tussen die **naamwoorde**, en kry hom wel:

akademikus, beoefenaar van die wetenskap, denker, navorser, skrywer (prosa, poësie én drama), spreker, wynkenner, kok, reisiger, gesinsman.

Word die naamwoorde van naderby beskou, bevat byna elkeen ook 'n **werkwoord**:

oefen, weet, dink, navors, skryf, spreek, ken, kook, reis.

Naamwoorde sonder **adjektiewe** sê maar min:

gesaghebbende akademikus; kritiese en geniale denker; deurtastende en produktiewe navorser; kreatiewe digter, poëet en prosaïs, dinamiese spreker, gesoute wynkenner, gekonfyte kok, deurleefde reisiger, geliefde gesinsman.

Selfs die **idiome** gee 'n nader beskrywing:

Die lys publikasies *spreek boekdele*; hy kan lees *teen die spoed van wit lig*! *Hardekoejawel* en *rammetjie-uitnek* kan hy ook wees, maar hy is nie *vandag se kind* nie.

Slotsom:

Daar lê nog 'n hele grammatikaboek om te verken, maar die gevolgtrekking is reeds duidelik: al die woorde hou verband met funksionering in die oortreffende trap: ywerig, kundig, meesterlik, bobaas, van formaat, bekwaam – 'n groot kokkedoor.

Hennie, mag die uittrede 'n tyd van vervulling wees waarin jy tyd spandeer aan dié dinge wat jou verryk en vreugde gee.

Chris en Annette



dolos



Prof. Hennie

Irma Loock

Dis 'n Maandagoggend lank, lank gelede. Die lesingsaal in Wesblok is propvol eerstejaars – daar is omtrent nie plek vir almal om te sit nie. Vandag sien ons vir die eerste keer wie die dosente is wat vir ons klas gaan gee in Afrikaans en Nederlands.

Een vir een word die dosente aan ons voorgestel - ook diegene wat in die tweede semester vir ons sal klasgee. Die lang man met die donkerraambril stel homself as dr. Hennie van Collier voor. Hy gaan vir ons Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aanbied. Maar hy klink erg Nederlands, hoor! En hy lyk ook baie streng en ernstig. Nie iemand om mee te sukkel nie, besluit ons. Maar dan lag hy vir een van prof Jarries se grappies en ons besluit hy is nie regtig so ernstig nie en miskien, net miskien, nie heeltemal so kwaai nie. Maar ons sal maar nie kanse vat nie, of hoe?

Min het ek daardie dag geweet watter belangrike en vormende rol Hennie van Collier nog in my lewe sou speel as mens, dosent, mentor, kollega en departementshoof. Ek is seker daar is heelwat mense wat dieselfde sou sê.

Daardie eerste dag het ek nooit kon dink dat ek eendag self by die departement sou werk met prof. Hennie as departementshoof nie. Sy entoesiasme en passie vir die letterkunde en Afrikaans was destyds aansteeklik en is dit nog steeds. Hy verstom 'n mens gedurig met sy vermoë om dinge presies te herroep, sy vakkennis en sy kreatiwiteit. Ek kan my ook nie voorstel dat hy ooit ledig sal rondsit nie. Dieselfde geld natuurlik vir Elsa, wat vir alles kans sien en die een onthaal na die ander "deurgewerk" het deur die jare.

Prof. Hennie, mag nog heerlike reise, baie lees-, skryf- en staptyd, wonderlike wyn, olywe en kaas, biltong, vleis op die kole en kuier saam met vriende en familie vir baie jare jou voorland wees!

Irma Loock



'n Mooi wens vir 'n gelykpad

Ida Meiring

Soms was ons saamstap opdraendes; soms was ons saamstap afdraendes;
min kere was dit gelykpad.

dolos



Soms het ons mekaar geskuur; soms het ons mekaar geslyp;
dikwels het ons 'n span gevorm.
Soms was ons saamstap frustrerend; soms was ons saamstap waardeerend;
altyd met wedersydse respek.

My wens vir u is:

*Mooi jare met min opdraendes, min afdraendes en baie geseënde
gelykpad.*

*Min geskuur en geslyp, maar altyd gedugte spanne vol geliefdes en
vriende.*

Min frustrasies, veel waardering en voortdurende respek.

Ida



'n Boodskap uit 'n land ver hiervandaan

Dr. Anthea van Jaarsveld

'n Boodskap uit 'n land ver hiervandaan

Op 'n bord teen 'n boom langs 'n wandellaan

***Je bent niet alleen
Je bent onderweg
en de Weg is altijd bij je***

Mag die weg wat jy kies jou altyd in oorfloed omring met dit wat goed is ...
Met groot waardering vir jare verby en die wat voorlê.

Anthea



PROMOTIE: HP-port nu ook in Nederland en België

Prof. Angelique van Niekerk

Van Coller Kelders heeft op 24 maart 1949 hun
eerste uitmuntende port geïntroduceerd en die is
nu in 2014 ook in Nederland en België bekend.

Top Wijnen uit België en Nederland, zijn dé wijnspecialisten als het over
klasse wijnen gaat. Zij hebben sinds 1949 verschillende (port)wijnen



dolos

voor ieders budget op de markt gebragt en verkopen ook de eerste aanbieding uit de *Van Collier kelders* (ZA).



De droom van de academicus, en nu ook wijnmeester Van Collier, begon 65 jaar geleden. Deze droom is nu realiteit geworden met de NRF-beoordeling (het hoogste niveau wat ooit aan een port toegewezen is). van het label **HP**, een port uit zijn privé kelder in Zuid-Afrika.

Het label **HP** heeft een onmiskenbare geur van papier, zoals uit oude boeken die men altijd weer opnieuw wil lezen. Onder het label **HP** verskijnt er: HP-Elsa, HP-Karien, HP-Helena en HP-Liezel.

Vrouwenamen geven het etiquette de sex-appeal die Van Collier self toewijst aan zijn port.

De port met het label **HP** is heerlik als dessertwijn en goed te combineren met een Hollands kaasbord aan het eind van een diner dat getuigt van decorum.

De port word't niet verkocht aan mense sonder voorliefde voor het Afrikaans, aldus de wijnmeester en kenner van het Afrikaanse literaire system!

Voor een bestelling kunt u contact opnemen met de reclame agent: Angelique of de wijnmeester self.



Parce que c'était lui, parce que c'était moi

Prof. Naomi Morgan (Afdelingshoof: Frans)

Ek dra baie Franse aanhalings met my saam, maar die een van Michel de Montaigne, *parce que c'était lui, parce que c'était moi*, is waarskynlik die een wat die meeste sin maak van my eie menseverhoudinge:

omdat dit hy (of sy) was, omdat dit ek was. Omdat, op 'n sekere tyd en plek, die regte mense by mekaar uitgekóm het.

Ek wil my verstout om te sê dat my loopbaan 'n ander pad sou geloop het indien prof. H.P. van Collier nie die hoof van die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans was toe ek in 1989 na Suid-Afrika teruggekeer het nie.

Ek is 'n literator; die literêre verwerking van die wêreld daar buite is een van die min dinge wat vir my sin maak. My generasie, wat aan't verbygaan

dolos



is, het letterkunde as die hoogste goed geag; ons het 'n kodetaal van intertekstuele verwysings gepraat wat miskien nie die wêreld se probleme sou oplos nie, maar ons ten minste die plesier van herkenning en gevleuelde woorde gegee het. Ek het nog altyd respek gehad vir mense wat 'n soort lopende ensiklopedie is; prof. Van Coller is so 'n akademikus. Maar hy is ook veel meer: 'n kreatiewe skrywer van poësie en drama, 'n vertaler uit 'n taal waarvoor ek byna net so lief is as vir Frans, Vlaams (hoewel dit blykbaar 'n fout is om dit so te noem, 'n mens moet sê "Nederlands"), 'n smulpaap van formaat (by sy sprankelontbyte op die Kunstefees het my palaat dikwels meer gastronomiese ontdekkings gemaak as in die beste restaurante), 'n reisiger wat sy huiswerk doen en beplan soos die ontdekkers van ouds. Dit is hy wat my vir die Akademie voorgestel het, wat genoeg vertroue gehad het in die verhaal van *Cor, die ander Van Gogh* om finansiële steun by die Stichting Neerlandia te kry om die swartskaapbroer terug te neem na Amsterdam, wat getrou die opvoerings van die Brel- en Piaf-projekte bygewoon het. Hy en sy vrou was my bure in Leuven, toe Suid-Afrika nog parfuum van die maand was en navorsing kon doen in die stilte van een van die mees besondere plekke in Europa: die Groot Begijnhof.

Aan die einde van sy lang loopbaan is dit wat ek sal mis, egter nie soveel bogenoemde nie as sy *gravitas*: daar was nog altyd min akademië wat bereid was om op te staan vir netelige sake. Prof. H.P. van Coller was so 'n akademikus, wat sy vergaderings goed voorberei het, wat 'n indrukwekkende netwerk van kontakte gehad het, wat 'n buitengewone insig gehad het in hoe universiteite funksioneer. Hy verlaat die universiteit op 'n tydstip wat ons mense soos hy meer nodig het as ooit.

Bon voyage, quand même!

Professor Hennie van Coller

Isabella Mostert

Professor Hennie van Coller: waar sal ek begin? Daar is so baie wat ek kan sê van ons veelsydige departementshoof, maar die belangstelling wat hy altyd in my skryfwerk en produksies getoon het, sal my altyd met vertedering aan hom laat dink. Dit was vir my 'n voorreg om iemand as studieleier (vir 'n MA in kreatiewe skrywe) te kon hê wat nie net 'n letterkundige en dramaturg van formaat is nie, maar wat self ook die planke betree het. Dankie vir u bereidwilligheid om u kennis met ons almal te deel.



dolos

Lebe wohl, prof. Hennie!

Ingrid Smuts, Afdeling Duits

Toe ek in 1999 deelyds by die afdeling Duits aangesluit het, was die Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans-vennootskap maar nog in sy kinderskoene en skaars gewoond aan die nuwe fase wat 'n jaar tevore deur die samesmelting van die drie voormalige outonome departemente ingelui is. Professor Hennie van Collier het die uitdaging wat hierdie samesmelting gebied het, sonder skroom aanvaar en op kenmerkende wyse gesorg vir 'n gees van kollegialiteit, lojaliteit en onderlinge ondersteuning in die nuwe multi-kulturele departement.



Hy het die departement gelei sonder om beklemmend voorskriftelik te wees. Veel eerder het hy Duits en Frans die geleentheid gegun om steeds in 'n baie groot mate outonoom te funksioneer, maar tog heelhartig deel van die departementele familie te wees. Daarvoor het ek groot waardering. So ook vir sy bereidwilligheid om vir jou tyd te maak – en jou te laat welkom voel – as jy iets wil bespreek, of met 'n versoek kom. Waar hy ons kon ondersteun om ons ideale te help verwesenlik, het hy dit gedoen. Daarvan getuig byvoorbeeld ons mooi nuwe Duitse seminaarkamer, 'n lang-gekoesterde droom wat eers na 'n hele aantal jare gerealiseer kon word, maar wat vandag vir die afdeling Duits 'n groot vreugde is.

dolos



Professor van Coller se statuur as akademikus en kultuurmens en daarmee saam sy bydrae tot die universiteit, die gemeenskap en die wêreld buite, is bekend en het oor die jare heen ook aan die departement aansien verleen. Met sy kennis, kundigheid en werksvermoë het hy 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel. Sy fyn waarnemingsvermoë, kreatiwiteit en vitaliteit beleef ons in gesprekke en in sy woord- en verskuns.

Ek het prof. Hennie ook leer ken as 'n mens met empatie: hy toon op tasbare maniere dat hy omgee, sonder om sentimenteel te raak. En dat hy voluit leef, is verseker. Daarvan getuig sy geesdrif, sy sin vir humor en sy passie vir lekker kos en wyn. So sal ek ook sy gasvryheid saam met dié van sy vrou, Elsa, onthou: die keurig-gesellige jaarlikse afskeidsfunksies ingelei met 'n glasier vonkelwyn op die heerlike kuierstoep by hulle aan huis; presentjies uit die buiteland en Elsa se mooi, nuttige en hoogsgewaardeerde handgemaakte geskenke. Hierdie dinge kan 'n mens nie sommer as vanselfsprekend aanvaar nie.

Nou is dit vir prof. Hennie weereens tyd vir 'n volgende hoofstuk, 'n nuwe begin wat nuwe uitdagings en onsekerhede inhou. Op sy pad vorentoe wil ek vir hom die gedig "Stufen" (1941) deur Hermann Hesse saamgee, met 'n Nederlandse vertaling deur Evert van Leerdam. In hierdie gees wens ek hom 'n betowerende en opwindende nuwe lewensreis toe.



dolos

Stufen	Stadia
Wie jede Blüte welkt und jede Jugend Dem Alter weicht, blüht jede Lebensstufe, Blüht jede Weisheit auch und jede Tugend Zu ihrer Zeit und darf nicht ewig dauern. Es muss das Herz bei jedem Lebensrufe Bereit zum Abschied sein und Neubeginne, Um sich in Tapferkeit und ohne Trauern In andre, neue Bindungen zu geben. Und jedem Anfang wohnt ein Zauber inne, Der uns beschützt und der uns hilft, zu leben. Wir sollen heiter Raum um Raum durchschreiten, An keinem wie an einer Heimat hängen, Der Weltgeist will nicht fesseln uns und engen, Er will uns Stuf' um Stufe heben, weiten. Kaum sind wir heimisch einem Lebenskreise Und traulich eingewohnt, so droht Erschlaffen, Nur wer bereit zu Aufbruch ist und Reise, Mag lähmender Gewöhnung sich entrafen. Es wird vielleicht auch noch die Todesstunde Uns neuen Räumen jung entgegen senden, Des Lebens Ruf an uns wird niemals enden... Wohlan denn, Herz, nimm Abschied und gesunde! <i>Hermann Hesse (1877-1962)</i>	Zoals elke bloem verwelkt en iedere jeugd voor ouderdom wijkt, bloeit elke levensfase, bloeit iedere wijsheid ook, en heeft elke deugd zijn tijd en kan niet eeuwig duren. Het hart moet bij iedere levensroep bereid tot afscheid zijn en nieuw beginnen om zich dapper en zonder spijt te wijden aan andere, nieuwe dingen. Bekoring schuilt in elk nieuw beginnen dat ons beschermt en leven helpt. Blijmoedig moeten we alle stadia doorlopen en niet blijven hangen als aan een vaderland. De wereld wil ons niet kluist'ren en benauwen, maar tree voor tree verheffen en verruimen. Nauwelijks thuis in eigen levenkring genoeglijk ingeburgerd, of er dreigt verslappen. Alleen wie bereid is te vertrekken en te reizen kan zich de verlammele sleur ontrukken. En ook al zal het stervensuur misschien ons nog nieuwe ruimten schenken, de roep van het leven zal nooit zwijgen... Vooruit dan, hart, neem afscheid en word gezond! <i>vertaal deur Evert van Leerdam</i>

Meine allerbesten Wünsche begleiten Sie auf Ihrem weiteren Lebensweg.

Vir prof. Van Coller

Dr. Cilliers van der Berg

Met 'n kinkel het my pad dié van prof. Van Coller vir die eerste keer in 2000 gekruis: as oortuigde germanis met geen enkele Afrikaans-lesing op my kerfstok nie, is ek met ope arms (en akademiese welwillendheid) as assistent in die Afrikaans & Nederlandsdepartement ontvang. Destyds as deel van die redaksionele versorging van die ALV-joernaal *Stilet*, het ek nie kon droom dat hier die grondslag gelê is vir 'n latere akademiese loopbaan wat ek aan die UV kon begin nie. 'n Paar latere projekte, ondermeer *Perspektief & Profiel* en *Literatuur in Context*, altyd onder die bekwame leiding van prof. Van Coller, het uiteindelik met die blootstelling wat dit gebied het, help skaaf aan die verwagtinge en drome vir 'n lewe in die akademie. En dít kon gerealiseer word toe 'n pos

dolos



uiteindelik, weereens met belangrike insette deur prof. Hennie, in 2008 by Duits geskep is. Maar, intussen het iewers ook 'n PhD 'n rol gespeel om ons paaie finaal op 'n traumatiese (of is dit dramatiese?) wyse met mekaar te vervleg. Bogenoemde maar net enkele aanwysings hoe belangrik prof. Van Coller, hetsy direk of indirek, vir my eie loopbaan as akademikus was.

Dit was egter darem ook nie net akademie voor en agter nie: my mooiste herinneringe aan tyd spandeer saam met die Van Coller-Bernard Odendaal-tweemanskap, was 'n besoek aan 'n internasionale kongres in Warskau, Pole, in 2010. Daar is baie om hieroor te vertel ... of dalk nie te vertel nie ... maar met apologie aan die "wolfpack" van *The Hangover*-faam, kan ek maar net sê: wat ookal gebeur in Warskau ... Maar alle grappies op 'n stokkie – prof. Van Coller het oor die jare besondere waardigheid aan die Afrikaans & Nederlands departement verleen en met besondere voorbeeld gelei. As departementshoof ook van die Duits-afdeling het hy altyd toegelaat dat die integriteit van die afdeling behoue kon bly, het altyd 'n oop deur gehad en was ook altyd bereid om die personeel met verskeie dinge te ondersteun. Aan die einde van 'n lang en baie suksesvolle loopbaan as akademikus, departementshoof en mentor kan ek nie anders as om prof. Van Coller net die beste toe te wens vir die jare vorentoe nie. Soos almal hom ken, sal dit akademies steeds 'n baie produktiewe tyd wees, maar hopelik darem ook veel meer geleentheid bied vir die ander dinge wat saakmaak. Want, in die woorde van Cicero: *Nihil agere delectat* – om niks te doen nie, is aangenaam...

Afskeidsbriewe

Marelize Pretorius

Aan: Professor Hennie van Coller

Die haan onder al die hene,
so het ek hom leer kenne.

Ek ken Professor nog nie lank,
maar uit my hart wil ek Professor bedank.

Dankie vir 'n wonderlike jaar – dis gewaar!
Ek sal dit altyd in my hart bewaar...

'n Man wat Afrikaans deur sy are laat vloei
en so sy studente en sy taal laat blom en bloei.

Professor kon mens soms laat sweet
en laat wens jy het ook alles van Afrikaans af geweet.



dolos

Ek wens Professor alles wat mooi en goed is toe
en glo die nuwe lewenspaai laat dit toe.

So wens ek ook dat Professor se pen ook kan rus
terwyl Professor ons ook hopelik 'n bietjie sal mis.

Tot weersiens

Marelize Pretorius

Chris en Lizette du Preez

Professor, mooiste wens vir die nuwe reis wat op u wag.

Mag die hitte van die son u bedags toevou en die maan en die
sterre snags 'n lig op u pad wees.

Mag daar by elke oase interessante boeke, goeie geselskap en heerlike
wyn op u wag!

Ihette Jacobs

Professor van Coller se nalatenskap aan die Afrikaanse letterkunde is van
onskatbare waarde en ons sal voorwaar sy kennis en ondervinding in die
gange van ons departement mis. Alle voorspoed!

Carla Ellis

Beste professor

Dit was vir my 'n groot voorreg om saam met u te kon werk, al was dit
slegs vir 'n paar maande. Ek sal altyd onthou dat u spesiaal ingekom
het van verlof af om in te sit in my onderhoud en dat u ook daardie
dag vir 'n koekieresepp gevra het. Verder het ek altyd baie lekker met
u oor reis, port en muskadel gesels.

Ek hoop dat u dinge nou rustiger sal vat, maar ek vertrou dat u nie
sal stilsit nie. Alles van die beste met dít wat u nou gaan aanpak en ek
hoop dat u genot daaruit sal put.

dolos



Elené Botha

Beste Prof,

Dankie vir 'n wonderlike jaar vol liefde, omgee en grappies! Dankie ook vir 'n leeftyd se kennis en toewyding aan die vakgebied en die bereidwilligheid om altyd dié kennis te deel.

Liefde, Elené

D.F. Malherbe-gedenklesing 2014

Corlietha Swart (Foto & onderskrif)



Op 27 Mei 2014 het die teoloog, prof. H.J. Bernard Combrink die 32ste D.F. Malherbe-gedenklesing met die titel, Die Bybel: 'n Direkte Vertaling gelewer. Hier is (van links na regs) prof. Hennie van Coller wat vir die laaste keer voor sy aftrede as departementshoof van die gasheerdepartement van die D.F. Malherbe-gedenklesing, die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, opgetree het, die dekaan van die Fakluteit Geesteswetenskappe van die UV. Prof. Lucius Botes, dr. Lis Lange van die direktoraat vir Internasionale Navorsing en Akademiese Beplanning en die gasspreker, prof. Bernard Combrink. Die D.F. Malherbe-gedenklesing word sedert 2012 nie meer jaarliks nie, maar tweejaarliks aangebied.

Nederlandse winterskool 2014 aan die UV

Prof. Angelique van Niekerk

Gedurende 7–11 Julie 2014 is die Nederlandse winterskool met befondsing van die Nederlandse Taalunie in Bloemfontein aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Universiteit van die Vrystaat.



dolos

Die aanbieders was prof. Kris Humbeeck van Antwerpen en dr. Lieve de Wachter van Leuven. Prof. Kris Humbeeck is tans hoogleraar in moderne Nederlandse literatuur en algemene literatuurwetenskap aan die Universiteit Antwerpen en ook mede-direkteur van die Instituut vir die studie van die letterkunde in die Nederlande (ISLN) en direkteur van die LP Boon-dokumentasiesentrum. Dr. Lieve de Wachter werk as dosent by die Instituut voor Levende Talen (ILT) van die KU Leuven.

Veertig studente van oor die hele Suid-Afrika het die winterskool bygewoon. Die winterskool word jaarliks roterend by verskillende Suid-Afrikaanse universiteite aangebied.



UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT • UNIVERSITY OF THE FREE STATE • YUNIVESITHI YA FREISTATA

Nederlands Winterskool 2014



Kopieskryfwerkswinkel 2014

Prof. Angelique van Niekerk

In die kopieskryfkursus in die Departement Kommunikasiewetenskappe aan die UV word daar jaarliks 'n daglange werkswinkel aangebied deur professionele kopieskrywers uit die praktyk. Die werkswinkel vind gewoonlik in April elke jaar plaas.

dolos





Van links na regs: Joe Mushwana, student, Annette de Klerk die aanbieder in 2014 van Joe Public, prof. Angélique van Niekerk (UV-dosent vir kopieskryf) en student, Prudence Mphahlele.

Slypskool vir die Nasionale Poort-skryfwedstryd 2014


Dr. Anthea van Jaarsveld

Op 14, 15 en 16 Julie 2014 word die slypskool vir die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Nasionale Poort-skryfwedstryd aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans en die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat. Tydens hierdie slypskool tree die bekende skrywer Irma Joubert en digter/akademikus Hennie van Coller as aanbieders op. 'n Diverse groep jongmense van dwarsoor die land woon die slypskool by. Dit het gewissel van graad 10-leerders tot eerstejaarstudente. Die aanbieders het 'n uitstekende slypskool voorberei en die aanbieding was gemaklik en toeganklik en by uitstek toegespits op die teikengroep. Die deelnemers se terugvoer getuig deurgaans hiervan.

Dit was weer 'n uiters geslaagde slypskool. Die gehalte van die nuwe inskrywings wat deur die kandidate ingelewer is na afloop van die slypskool vir beoordeling, getuig van knap skryfwerk en sinvolle insette tydens die slypskool. Die wenner van vanjaar se wedstryd is Siska Julies. In die tweede plek was Jemima Meyer en in die derde plek, Natasha van Niekerk. Die tema van die finale inskrywings was, "Ander Wêreld". Hier volg die produkte deur 'n groep begaafde jong skrywers.

Dr. Anthea van Jaarsveld

(Organiseerder)



dolos



Agter van links na regs: Prof. Hennie van Coller, dr. Anthea van Jaarsveld, Natasha van Niekerk, Janke van Schalkwyk, Jemima Meyer, Inneke Streicher en Armand Botha. Voor van links na regs: René du Plessis, Alida van der Walt, Keandi Van Czapiewski, Rashmika Singh, Sisca Julius.

Hier slaap jy met een oog oop

Sisca Julius

Hoërskool Noord-Kaap, Kimberley

Ek is Mollie Pierce. Jirre, Jy behoort my al te ken.

Ek het gister ôk moet Jou gepraat oor dieselfde ding, maar ek weet nie wat is dit moet Jou nie. Is Jou ore ook soos 'n kjeent s'n, ornamente? Jirre, Jy gee waaragtig vir Toks-goed 'n nuwe kar. Hulle kan mens nie eers 'n lift gee in die skedonk nie, nou kom ry hulle weer stywenek verby 'n mens in die blink een. Maar ek sal hom vergewe, net oorlat Jy vir Judas vergewe had. 'n Wrok is 'n seer ding om te koester.

Jirre, vanaand sit ek maar weer my gaslampie op uitsaai. Ja, Mollie Pierce gebruik 'n gaslamp. En da spog ek nog moet hom ook, want Jy't gesê mens plaas nie jou lamp onder 'n maatemmer nie. Jirre, ek lê vanaand hierdie plek van Eldorado Park by jou voete. Hy beteken kamma plek van oorfloed en weelde, maar dis hier waar Salomo sy wysheid sou verkoop vir 'n stukkie brood. Dis hier waar Kain kon loop met sy kop omhoog. Jirre, waar Pontius Pilatus gedurig hande was.

My moederhart wil die aarde met my kaal hande skeur, Jirre, want ons kjeeners is in elemente vasgekeer. Dis mandraks en dagga en alle snaakse goed wat in die okkapyne ingegooi word. Nie eers gepraat van

dolos



onse meisietjies nie, ai! Jy kan die bakvissies op die hoeke loop koop of sommer uit jou voorkamer skree. En my Jodene word nou 'n mooi groot ou meitjie. Ek sien hoe draai die koppe. Jirre, sit haar in 'n boks waar die lewe haar nie kan kom skaad nie. Maar dis seker ôk ons plig om ons onskuld te verloor.

Jirre, as Jy vanaand hier kuier, moet Jy slaap moet jou Bybel onder jou kussing, jou tienrand onder jou matras en jou linkeroog oop. Ôk nie jou regteroog nie, want só roep jy diewe aan.

Dankie dat Jy vir Simon die joppie by die bakery gegee het. Krap tog net daai vingers dat hulle nie weer loop staan en jeuk nie. En belowe Jy sien my kêrelklong, want Jy weet hoe't dit gevoel toe die wêreld katterig was met Jou kêrelklong. En bring die lig wat Jy in Jesaja 60 belowe: "Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou skyn die Here se lig." Ek dink Eskom had Jou nog nie gehoor nie, loop sê dit daar. Vader, as Jy my moet daai vers vir 'n one gevat het, praat ek nie weer met Jou nie.

Dankie vir die gesondheid. Die ogies blink en die ore kan nog hoor. O ja, en dankie vir die sakkie melk.

Amen.

Gertie Girl's Hair Salon

Sisca Julius

Hoërskool Noord-Kaap, Kimberley

"Nog nooit vat ek 'n mooi man nie, my skat. 'n Mooi man is almal se man. En pasop lat hy wit skoene dra! Manne met wit skoene is jollers."

Gertie Girl is my favourite hairdresser. "A hairdresser is a magician, a technician of the complexities of a girl's best asset."

Sy't die salon Gertie Girl's genoem, maar Gertie Girl was nie altyd Gertie Girl nie ...

"Hoe, was ek vir jou by 'n hell of a party gisteraand. En toe drop ek dit!"

Nou ek maak seker dat ek elke Saterdag 'n afspraak by Gertie het. Of dit nou is vir 'n perm, 'n relax of 'n was en blow. By Gertie is ek Saterdagoggend. Want elke Vrydagaand was Gertie "by 'n hell of a party" en dan word my dak weer sit-sit uitgebrand. Volgens my ouma brand iemand jou dak as hy jou vrot belieg.

"Hoe, jinne, girl, was ek vir jou by 'n hell of a party gisteraand! Toe lyk ek mos daai nuwe mooi. Watch out, Beyoncé! Ek't my soft curls gemaak,



dolos

golden earrings. Jy ken mos hoe smaak ons. En waar bly my red lipstick nou agter! Ek is dan Marilyn Monroe! My pantyhose aangesit. Nee, girl, nie China shop se pantyhose nie. Dis by Foschini gekoop. Koekies het weer gedink sy kom lyk die mooiste. Kanallah, my ma se kind, sy't warme stront gepraat!

Lalla kom tel my aguur op. Ek stap g'n, my vriende hét voertuig, ek hang voetjies. Eight till late. Jy ken mos is óns. Ons maak weer elke tavern toe. En die klas wyn wat gedrink word, is mos NIE vir manne met dun kopvelle nie. Toe skit-ek-my-biskit!

Hoe loop ons ons nie vas toe ons by Glen's kom nie. Ek loop in toe sê Lalla vir my: 'Vriend, jou eyelash!' Toe kruip ons vir jou op daai vloer en soek my eyelash, want ek lyk mos darem te fresh om net een in te het. Vriend, op daai warm spoor word ons geambush. Van sien jy, ek't laas vir Glen se vrou gesê sy moet ophou so die extensions dra. Sy lyk nog steeds soos 'n hotnot met 'n goue sterretjie op die voorkop. Ken jy wat is hol vir jou life? Ek sê jou, toe skop ek my stiletto's uit, hoee! Darem het ek nogemals atletiek tot stannard six gedoen. Girl, toes wat ek by die huis kom, toe is my pantyhose nie meer pantyhose nie, toe is hulle tights!"

Dit is nou my weeklikse bron van vermaak. En almal in die salon huil soos hulle lag so tussen deur die relaxer-dampe en Brenda Fassie en Judy Boucher vir haar verhare.

Maar Gertie Girl was nie altyd Girlie Girl nie. Hy was eens op 'n tyd Gertjie Boy ... Gert Willem Abrahams na sy dedda vernoem. Straighter as die pad na die nightclub in Bergsig. En was hy nou vir jou 'n player! Die panties het agter Gert aangehol, aan hom gekleef soos nat lolliepops. Gesê: "Gert knows HOW to handle the chickas."


Tot Gertjie vir Abigail Andrews gemeet het ... Abigail met die lang, ligbruin koeliehare en die grysbruin oë. 'n Oulike doll, té poenankies. Flop is net sy't dit geken. Die rumors loop reeds hy't op haar kophare agtergekom.

Gert het dae, weke, maande vir Abigail gechise. Finally het hy gesuccede en dit het gelyk of hy sy fairytale kry. 'n Ring gekoop, als. Maar die lewe het mos altyd 'n wending.

Abby se ogies was te groen om nie te dwaal nie. Glo die binnekant van elke man se kar geken. En sulke bloedrooi lippe om elk wat 'n broek dra, te seduce. Ou sawwe Gertjie was seker maar nie man genoeg vir Abby nie. Hy't net een Vrydag na werk by die huis gekom, toe's daar nie 'n Abby nie. Nie eers die hond gelos nie. Sleg myt. Kamma net 'n briefie op die fridge gelos. "Kanie meerie. Liefde. Abby."

Turns out 'n mooi vrou is ook almal se vrou.

dolos



Van daai dag af was Gertjie Boy Gertie Girl. En nou speel hy circus clown lat ons nie sy trane moet sien nie.

"Hoeë, jinne girl! Was ek vir jou by 'n hell of a party gisteraand! De way die bitche aangaan lyk hulle het nooit 'n moffie sien dans nie. Oe! Toe drop ek dit."

Willie wil army toe

Alida van der Walt

Windhoek Afrikaanse Privaatskool

Ons eerste ontmoeting. Februarie 2012. Juffrou Kotze se klas. Ons was albei 17 jaar oud. Graad 11. Jy was laat vir klas – iets waarvan jy later ook 'n gewoonte sou maak. Die enigste oop sitplek was langs my. Jy het kom sit. Stil, nes dit die nuweling betaam.

Juffrou Duits was weereens besig met een van haar befaamde preke. *Ek het nog nooit in my hele onderwysloopbaan so 'n ongehoorsame graadgroep soos julle gehad nie. Julle gaan julle eindeksamen druipe as julle nie onmiddellik begin leer nie. Ek maak nie 'n grap nie – julle gaan almal druipe!* Ek het gehoor, maar lankal ophou luister.

Die eerste ding wat ek opgemerk het, was jou reuk. Dit het my tot die gevolgtrekking gelei dat jy heel waarskynlik 'n roker is. Later het ek jou so uit die hoek van my oog skelmpies-skelmpies betrag.

Jy het tóé, en altyd daarna, diep gegrief voorgekom. Op jou hand was jy besig om allerlei versies en woorde neer te skryf – swart ink. Later het jy jou baadjie uitgetrek. Op jou arm het ek die woorde *ONLY GOD CAN JUDGE ME* opgemerk. Tatoe. Ek het gewonder of jy ooit weet wie dit die eerste keer gesê het.

Maar ons het nie een keer gepraat nie. Die klok het gelui. Jy het jou lendelam tas gevat en eenvoudig geloop. Geen verskoning of verduideliking nie. Almal was verbaas. Juffrou Duits het ons effens geskok gegroet – *Auf Wiedersehen!* Die volgende dag het jy nie opgedaag vir klas nie. Die dag daarna ook nie.

Kort hierna het ons vriende geraak. Die vriendskap het goed gewerk – ons het 'n vurige kunstenaarstemperament in gemeen gehad. Ek het saam met jou gedrink. Ek het saam met jou gestap as jy gaan rook het. Princeton – want jy kon niks beters bekostig nie. Saam musiek geluister. Jy het altyd jou oë toegemaak en jou kop agteroor gegooi as jy van 'n liedjie gehou het. Saam geskryf. Ek het jou gedigte gelees. Mooi gedigte, diep gedigte, seer gedigte. Ons het soms gestry ook.



dolos

Vir 'n redelike rukkies het die hele skool nog gegons oor "daardie weird nuwe ou in graad 11". *Het julle gehoor, hy kom van Grey College af? Ja, geskors. Hy lyk vir my maar redelik freaky. Ja, hy lyk soos moeilikheid. Ja, moeilikheid met 'n hoofletter 'M'.* Jy het jou maar net deurentyd eenkant gehou. Niemand het ook regtig uitgereik nie.

Ek dink almal was heimlik skrikkerig vir jou. Skepties selfs, en het hulle afstand maar vir eers gehou. Ek het egter nog altyd van mense gehou wat *GEVAAR!* uitskreeu sonder om 'n enkele woord te sê. Ek was nie bang nie. Later, toe jy besef dat ek gekom het om te bly, het jy my selfs teen jou gewaarsku. Jy was 'n self-geproklameerde doos. En trots daarop.

Maar êrens langs die pad het jy egter al die ander ook onverwags oorrompel met jou versies en rymelary. Jy het vir jou met *woorde*, 'n plek in hierdie skool uitgekerf. Ja, vinnig-vinnig het jy legende-status hier verwerf.

Mettertyd het ons jou storie geleer. Of grepe daaruit, altans. Ek praat onder korreksie, maar hier's die feite soos ek hul het: Jy was gelukkig as kind. Jy en jou ma het 'n baie hegte band gehad. Jy het eenkeer gesê sy het nes Lady Di gelyk, en dat sy altyd vir jou stories geles het. Êrens tussendeur is sy oorlede. Later het jy haar naam en sterftedatum op jou rug laat tatoeëer. Saam met 'n groot kruis.

Met jou pa het jy nie baie goed oor die weg gekom nie ... Of so het ek verstaan. Veral na jou ma se dood. Die eerste kans wat jy gekry het om te vlug, het jy met albei hande aangegryp. Kort na haar dood was jy 'n leerling aan Grey College in Bloemfontein. Koshuisinwonend. Later was jy daarvandaan "weggejaag", soos jy dit gestel het. Daarna het jy by die Hoërskool Sentraal aangesluit. Kort voor lank is jy daar ook verjaag.

En dis hoe jy by ons beland het. Ja, 'n leerling aan 'n klein, nederige privaatskooltjie. Niks in vergelyking met waarmee jy gewoond was nie. Ons het geleer dat jy by jou pa se suster bly. Sommer so in haar garage. Niemand het verder enige vrae gevra nie.

In elke klas het jy jou Grey-maniere uitgehaal – opgestaan as 'n onderwyser met jou praat. Almal het jou daarvoor uitgelag. Dit het jou klaarblyklik nie gepla nie. Jy het net aangehou soos normaalweg. Nou nog.

Jy het my aan soveel nuwe dinge en idees bekendgestel. Anargie. Koos Kombuis en die Voëlvry-beweging. Die ander Voëlvry-manne – Valiant Swart. Kerkorrel. En Piet Botha. Ook aan Bob Dylan en Billy Joel. Skielik het ek boeke begin lees waarin ek voorheen glad nie sou belangstel nie.

dolos



Seks & Drugs & Boeremusiek. Ons het baie gesels ook. Oor die lewe en sy dinge. Oor doodgaan. Partykeer oor Jesus.

En so tussendeur alles het ek lief geword vir jou. Niks romanties nie. Nee, liefde in sy suiwerste vorm – maatjie-liefde. Jy moes dit geweet het. Ek moes dit vir jou gesê het.

Anyway. Op 'n dag het jy in die klas sit en dagdroom. Ek weet – jy kry altyd so 'n amper stoute glimlag wanneer jy in jou gedagtes verlore raak. Juffrou Afrikaans het dit ook opgemerk. Sommer om aspris te wees wou sy toe by jóú weet wat jy vir die volgende dag se *Periandros van Korinthe*-toets sou leer. Jy het vir 'n rukkie na haar gestaar, jou gesigsuitdrukking steeds ondeund. Toe opgestaan, en keel skoongemaak.

"Ek belowe ek leer nooit nie, Juffrou." Jou stemtoon was speels.

Hoekom dan nie, Willie? Is jy nie bekommerd oor jou toekoms nie?

"Nee, Juffrou, ek gaan army toe, Juffrou." Dié keer meer ernstig.

Stilte.

Maar Willie, as jy weermag toe gaan, sal jy ... sal jy mense moet ... doodmaak.

"Ek weet, Juffrou."

En daarna?

"Ek gaan nie terugkom nie, Juffrou."

Ek het hom daaroor uitgevra, ja. Hy sê hy't bloot lus vir fokkof. Ver weg. Hy sê hy wil Royal Navy toe – 'n lid van die Royal Marines. Of French Foreign Legion – die plek maak nie regtig saak nie. Solank dit net army toe is. Hy sê army toe gaan maak sterk. Hy sê sterk is goed – net die wat sag is kry seer. Hy sê die army bind 'n groep manne soos niks anders kan nie. Vir die eerste keer sien ek 'n vonkel in sy oë. Daarby 'n tikkie hartseer.

Lank daarna het dit my egter eers getref – Willie wou army toe, want Willie wou nie meer nie.

Belofte

Inneke Streicher

Hoërskool Burgersdorp

Die oomblik toe Adriaan by die voordeur uitstap, het sy hele wêreld eintlik reeds begin wankel.

Die son het skerp in sy oë geskyn en hy het instinktief na sy pa se hand gegryp. Pa en seun op pad haarkapper toe, soos elke laaste Vrydag van



dolos

die skoolvakansie. Toe Adriaan nog kleiner was, het sy pa sommer self sy hare gesny. Dan het hy Adriaan om en om die kombuistafel gejaag – kwansuis om sy ore af te sny. Maar dit het hy al lankal ontgroeï.

Oom Willemse se barber shop is 'n lang vertrek bo-op 'n pizza-winkel. Adriaan het gehou van die barber shop. Dit het geruik na sigarette en mans en haarolies. Elke keer as iemand die winkel deur oopmaak, het die reuk van pizzas ook ongenooï ingekom en het die mans se neusvleuels effe wyer gerek.

Swart-en-witfoto's van mans met outydse haarstyle het teen die mure gehang. Teen diemuur agter die toonbank was 'n houtrak met 'n verskeidenheid swart en donkerblou plastiekkamme. Houers met Bryllcream is in 'n netjiese piramiede gepak.

Adriaan hardloop na die groot, ou stoel wat in die middel van die barber shop vasgebout is.

Maar Oom Willemse kom – laggend – nadergestap, die spesiale houtbankie in sy hand en sit dit bo-op die stoel neer. Teleurgesteld klim Adriaan op die bankie.

“Teen die spoed wat jy deesdae groei, kan jy volgende keer op die stoel sit sonder die bankie!” troos Oom Willemse. Adriaan se gesig helder open hy swaai om na sy pa.

“Pappa! Het Pappa dit gehoor? Volgende keer kan ek op die groot stoel sit, soos jy!”

“So hoor ek”, sê sy pa sonder om van sy selfoon af op te kyk.

“Tja, kinders. Bly nie vir altyd klein nie, nê?” sug Oom Willemse.

Al die mans in die winkel knik instemmend.

Toe hy klaar is, klim Adriaan van die stoel af en bekyk homself in die lang spieël tot sy pa ongeduldig sy naam roep.


“Pappa is baie lief vir jou, Adriaan”, sê sy pa skielik in 'n vreemde stem toe hulle al verby die poskantoor is. Adriaan kyk verward op na sy pa. “Pappa sal nooit van jou vergeet nie”, belowe dieselfde stem weer. Die seuntjie vat weer na sy pa se hand, verras om een van sy eie goudblonde krulle raak te vat.

Die volgende oggend is sy pa net weg.

Nou, op die laaste Vrydag van die Septembervakansie staan Adriaan by die tuinhekkies. Sy hare raak amper aan sy kraag.

En sy pa se belofte hang steeds in die lug.

dolos



In my sak

Natasha van Niekerk

Hoërskool Waterkloof, Pretoria

“Daar is niks met ons verkeerd wat die dood nie kan regmaak nie”, sê haar mond, maar haar kop weet van beter.

“Annie Klopper: Lyk uiteindelik na 13 dae gevind.” Na die nuus versprei het dat die sewentienjarige bruinkopmeisie, Annie Klopper van Bellville, se lyk naby die tuisnywerheid gevind is, was die media honger. Joernaliste vanaf Pretoria het hulself daar kom huisves. Kaptein Muller van die SAPS het die skooldogter se ouers besoek. Bellville was die plek. Vakansiegangers het verbygehou. Dit was in die middel van die somer. Dit was moord.


Inspekteur Arnolds se kop was hard, maar sy hart was sag. Nadat hy met sy vrou en pasgebore baba verhuis het, het hy agtergekom Bellville is nie somer vir enige man nie. Sy vrou het vir hom bruinbrood en kaassmeer en ‘n fles koffie ingepak werk toe, maar toe kry hulle Annie Klopper se lyk agter die tuisnywerheid en skielik was niemand meer lus vir melkert en pasteie nie. Inspekteur Arnolds se sekretaresse was ‘n sosiale vlinder. Tannie Bettie Marnewick het vir Dominee Pieterse en die res van die dorp vertel voor die arme meisie se lyk koud was. Sy het dit ook as haar plig gesien om die plaaslike koerant in kennis te stel. Tannie Bettie Marnewick was meer bek as binnegoed.

Soos in bogenoemde was Dominee Pieterse op pad na die hemel toe – in die gemeenskap se oë. Hulle het in sy spore getrap soos ‘n goeie hond. Dit was Dominee se plig om saam met inspekteur Arnolds en kaptein Muller die Klopperse se huis te besoek. Mev. Muller se gil weergalm nou nog deur die strate en wanneer dit reën, beweer hulle is dit haar trane.

Dit was moord op die platteland. Moord vir roem en moord vir antwoorde. “Die laaste keer wat Annie lewendig gesien is, was op haar grys-en-blou fiets op Maandagmiddag op pad tennisbane toe,” het haar ma hartverskeurend aan nog ‘n koerantjoernalis vertel. Almal het die nuus dopgehou, maar die nuus het dieselfde gebly.

Dit was inspekteur Arnolds se eerste moordsaak en kaptein Muller se laaste, voor hy sou aftree. Hulle sê jy pla nie ‘n man op sy eerste moordsaak, of op sy laaste een nie. Die koerantopskrifte sou mettertyd verminder en die joernaliste halveer. Dominee Pieterse het uit Psalm 24 by die roudiens voorgelees.

Sy mompel nog iets oor Annie Klopper. Sy gee my kleingeld en ek sit dit in my sak. “Is dit jou grys-en-blou fiets wat daarbuite staan?” vra sy.



dolos

Hier kom Kat ... 'n Ding

René du Plessis

Hoër Volksskool, Potchefstroom

Waar water uit 'n aar wel in die hart van die Klein Karoo het 'n rykmanskind 'n pretpaleis begin. Vandag is dit 'n klein dorpie wat welaf erfgename en neus-in-die-lug dames in sy valleie koester. Die rykdom in die dorp het vir die gepaste naam Welgelegen gesorg.

Tant Rien is een van die dorp se dames wie se huldeblyk in die Tupperware-afdeling van die koerant sal verskyn vanweë haar liefde vir silikoon, kollageeninspuitings en die mes. Haar kalmeermiddel tydens 'n woedebui was bak en brou. En nie wat nie, slégs soetkoekies! Vir sewe weke lank, drie maaltye 'n dag, sal die Peers-gesin soetkoekies eet. In die bank verluister almal hulle aan oom Bernard se weergawe van soetkoekies met Bovril en grondboontjiebotter om die afgesaagde smaak te probeer verdoesel.

Die keer wat sewe weke twaalf weke geword het, was die jaar toe hulle dogter, Katherine, matriek gedop het. Katrien (soos almal haar noem) was nou nie die skerpste mes in die laai nie en was al meer onder die lem as haar ma, met die gevolg dat haar gesig nou nes 'n wekker lyk voor hy afgaan.

Die dorp het 'n behoefte ontwikkel aan, soos die selfaangestelde Sjeik van Welgelegen dit noem, "a dogwalker" en Katrien het die pos (na vele dreigemente, vier hospitaalrekenings en twee klagtes van aanranding) onder dwang aanvaar.


So het dit gekom dat sy op 'n blou Maandag, wat blouer is as tien blou duiwels uit die diep, blou see, die hoofstraat aandurf met sewe honde aan leibande. Reg voor die gewildste koeffiekroeg in die kontrei, Die Koffiepit, besluit die vierpotiges om mevrou Hoogenboezem se worshond, Oscar Pistooltjie wat in 'n verbygaande motor op die passasiersitplek sit, te jaag en hulle spring weg.

Katrien trek agterna! Naels waai, vals wimpers veer grond toe en haar grimering skrik hulle sommer onderstebo!

Gekoek in leibande verlaat haar "haai polfaaitjies" die sypaadjie en haar ingeplante silikoon agterstewe maak kennis met die harde beton. Iets het definitief gebars of geskuif, want toe sy daar opstaan, was dinge skeef wat gelyk moet wees en dinge wat skeef moet wees, was gelyk.

Katrien en haar skrikwekkende mombakkies is nooit weer in Welgelegen gesien nie. Sommiges sê sy is 'n nar in die nasionale sirkus (natuurlik

dolos



sonder enige bykomstighede soos grimering en oranje hare), ander sê sy speel tydens die kerkbasaar spook in die spookhuis.

Tant Rien het nuwe wenkbroue gekry om oor die skok te kom (nou het die dorp 'n skok waaroor hulle nooit gaan kom nie).

En arme oom Bernard vertel pal hoe Voltaren Gel en niertjies op soetkoekies proe.

Hartrekening

Jemima Meyer


Hoërskool Jim Fouché, Bloemfontein

*jou sin van beta
het gelykgestaan
aan my cos van teta,*

*my bates
het ooreengestem
met jou belange en laste,*

*jy was my koronêr
wat bloed gee
en weer dreineer –*

*maar ons hart
se strawwe som
het ophou klop.*



dolos

Heks

(wel, volgens anoreksiese Grietjie)

Jemima Meyer

Hoërskool Jim Fouché, Bloemfontein

*met die aandra
van goedgebotterde brood,
koekeloerende koek, tergende tert,
dik burgers, bewende jellie, gewigtige vis, druppende tjips
wil sy vet voer
en eindelijk
opvreet*

Seuntjie

Jemima Meyer

Hoërskool Jim Fouché, Bloemfontein

*gister nog het jy geskree
vir my aandag, heeldag
sou ek jou sus en so
stil-stil in my arms voer
en jou natmaak
droogmaak*

*maar vandag was jou stilte
vir my verdag, heelnag
wonder ek en wag –
jou klaagkrete het opgedroog
jy slaap soet sonder my
sangversugtinge
nou kruipgereed
om self
droog te maak*

dolos



Ek ...?

Janke van Schalkwyk
Hoërskool Parys

*Ek is nie Superman nie, as die trein bots kan ek dit nie keer nie.
Ek is nie 'n beskermengel nie, ek kan nie die gevaar voorkom of voorspel nie.
Ek is nie 'n genie nie, jou wense kan ek nie waar maak nie.
En ek is nie Taylor Swift nie, ek kan nie lovesongs skryf nie.
Maar ek is wel die #foreverfriendzoned meisie.
So ek skryf vir jou 'n gedig op 'n TaylorSwiftSongWysie.
Ek kan nie die trein keer nie, maar ek sal sorg dat jy hom nie alleen klim nie.
Die gevare is daar maar jy sal hulle nie alleen aanpak nie.
Jou wense, sal my wense word.
En vergeet van 'n lovesong, jy't 'n blou-ink-exam-pad-gedig gekry.*

Ons ...

Janke van Schalkwyk
Hoërskool Parys

*'n Halfsekond, dalk twee gewees
met oseaanblou oë het jy modderbruin geles
wit hemp sonder 'n das
en 'n blou broek wat netjies pas
goudbruin hare omring jou strak gesig
jou las is swaar maar jy maak dit lig
sonder goodbyes en trane
of blou-blou oë soos oseane
sê jy tot siens my chocolate-bruin
omring deur die kleur van rooiwyn
dit klink nou alles baie poëties
maar as ek kon kies ...
was ons storie nie nou verby nie,
het jy my nog liefgehad en ...
HOEF EK NIE 'n SIMPEL GEDIG IN MY WISKUNDEBOEK TE SKRYF NIE!*



dolos

Eendag

Rashmika Singh

Westville Girls' High School

eendag
sal ek
uit die bed
klim ...

maar
vandag is daar
reën
teen my venster,
my vingers
is blou

en die lig
aan die einde
van die tonnel
is net
die lampie
langs my bed

plan b

Rashmika Singh

Westville Girls' High School

of
miskien
kan (ek)
(myself)
verloor
in al
my klere
miskien
kan (ek)
verdwyn
dan
miskien
sal iemand
(my) uiteindelik
Raaksien

dolos



Koor

Rashmika Singh
Westville Girls' High School

*my stem
swem
saam met die ander
stemme*

*saam
maak hulle
'n see*

*maar alleen
is hulle net
druppels*

Armand Botha
Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad

*Hoe mis die son die maan
as hy elke aand sterf
om haar te laat asemhaal*

*Hoe mis die vrug die son
as hy elke dag na haar draai
sodat sy aan hom kan raak*

*Hoe mis die hart sy geliefde
as hy elke aand treur
oor die leë plek langs hom*
II

*Jou stem is my lirieke
Jou hartklop die ritme van my lied
Jou oë die lig in my donkerste akkoord
Speel vir my jou hartmusiek*



Sprokie

Keandi Von Czapiewski

Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad

*lewers in 'n boom sit 'n prins
en dagdroom
Hy bou lugkastele
van wolke so lig soos vere*

*Van sy prinses in 'n aaklige kasteel
wit, blou en geel*

*lewers in 'n koshuis
wonder 'n prinses
waar op aarde
haar prins is
'n Vriendin kom fluister
die stomme yster
sit nog in 'n boom
... en dagdroom*

Boeie

Keandi Von Czapiewski

Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad

*Jy voel verontreg
Maar jy hóórt hier*

Vasgevang deur al jou leuens

*Nou sit dit soos
boeie om jou polse
Skaafmerke van jare se worsteling*

*Dit keer jou om jou sê te sê
want wie gaan jou glo
Dit ontnem jou jou vryheid
en sit jou in die tronk
van jou eie gedagtes
met jou gewete as polisieman
en die sleutel van waarheid
lank vergete*

dolos



DOLOS

Afrikaanse Taal en Literatuur UV

www.ufs.ac.za